

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif

R100.00 (BTW inkl.)
Namibië N\$ 100,00



Junie | Julie 2025

INGERIG VIR
TERUGSIT
& SAAMWEES!

Lekkerste leefareas

KOS

Geurige beesvleis

Toor met
skenkel, dikrib
& maalvleis

PLETTENBERGBAAI

Mooigemaak met patrone
& uitbundige kleure

KAAPSTAD

Byderwetse erfenishuis
vol verrassende dekor



Oopplan, dog privaat
danksy verskillende vlakke

BEKROONDE TUIN
IN JOHANNESBURG

Kompleks se
streng reëls en
min tyd?

G'n probleem!

Verfris

Die Woodoc-manier



Hierdie unieke, diep penetrerende was maak nie net skoon en verfraai nie, maar dring verseëlaars, vernisse, wasse en olies binne om hout moeiteloos te voed en te beskerm. **Woodoc Interior Maintenance Wax** mag op enige houtsoort gebruik word.



Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor **Woodoc se reeks Onderhoudsprodukte** en "hoe-om-te-doen"-advies.

Woodoc-produkte is beskikbaar by alle toonaangewende hardewarewinkels en nou ook by 'n nuwe betroubare aanlyn vennoot, www.mysealer.store.

Woodoc[®]
KOS VIR HOUT™

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure.

www.woodoc.com Woodoc
WhatsApp +27 66 302 4702



Leserhuis
18



30
Leserhuis



40 Ons kreatiewe
redakteur se huis



Leefareas 54



100 Lesertuin



Dis'n
beesvleisfees! 110

DEKOR

- 14 Vars idees neem jou portaal en gang van vaal tot fantasies
- 18 'n Gesofistikeerde opknapping belig historiese kenmerke van Victoriaanse huis in Tamboerskloof
- 30 'n Gesinshuis ontwerp vir oop én knus leefruimtes
- 40 'n Kleurvolle droomhuis vol ontwerp- en dekorverrassings
- 54 Verfris jou styl Skep 'n leefarea wat perfek werk vir ontspanning en vir onthaal

in die kombuis

- 110 'n Beesvleisfees Ons gee slim idees hoe om die beste te maak van taaier vleissnitte
- 122 Kortpadkos Aandete in 'n japtrap!
- 126 Kos & drank Nuwe eetplekke, nuwe drinkgoed, nuwe toebehore

KOMPETISIES

- 6 Sê jou sê en WEN 'n prys
- 87 Blokraai #184 WEN 'n boek
- 90 WEN met jou troeteldierfoto's

IN DIE TUIN

- 92 Word geïnspireer deur hierdie pragtige wentuin in Linksfield, Johannesburg
- 100 Die ideale balans tussen harde klip en sagte beplanting in 'n Dullstroom-oase

gereeld

- 8 Wat's nuut op die dekorfront
- 72 Raad Vra die kenners
- 82 Tuindagboek
- 90 Troeteldiere Stres en ang
- 130 Agterblad Karin Brynard gesels

78

Al die aksie tydens ons onlangse Home Sharing-konferensie met die samewerking van Mr Price Home!

Daar is darem iets diep bevredigends daaraan as “like-minded” mense bymekaarkom. Die woordeboek vertaal “like-minded” as “eensgesind”, maar vir my beteken die woord meer as dit: gedeelde belange, behoeftes, belangstellings.

Ganse van dieselfde dam.

Toe ons in April vanjaar ons tweede **Home Sharing-konferensie** aanbied in vennootskap met **Mr Price Home**, sit daar ’n saal vol mense voor my met een gemene doel: hulle wil ’n sukses maak van hul Airbnb-eiendomme en hul gaste gelukkig hou. Almal entrepreneurs wat ’n ekstra geldjie wil maak en hul bates harder wil laat werk. En wie is dan nou nie in die huidige ekonomie lus vir ’n paar rand ekstra in die sak nie?

Self het ek jare gelede al my eie huis laat afneem vir Airbnb, maar nog nooit so ver gekom om te begin adverteer vir gaste nie. Elke keer as ek dink dis nou of nooit, kyk ek na my kuns en my versamelgoed van reise die wêreld oor en my persoonlike goetertjies – en dan maak ek weer die leggettjie met foto’s op my rekenaar toe en dink: nie nou nie.

Nog nie.

Maar ek sê nie “nooit!” nie.

Ek het al dikwels van lesers die vraag gekry waarom ek nie my eie huis in die tydskrif wys nie. Dele daarvan het julle beslis al gesien, maar altyd incognito – finale foto’s vir een van Deon DIY se projekte, los foto’s vir temastories – en eenkeer jare gelede my kombuis vir die spesiale uitgawe *Tuis Kombuis*. Maar dis ’n altyd veranderende ruimte. Ek dink nie dit gaan ooit “klaar” wees vir afneem nie!

Gelukkig is dit nie waar van ons kreatiewe redakteur, Marian van Wyk, se nuwe blyplek nie. Toe sy ’n jaar of wat gelede aankondig sy en haar man, Louis Botma, verruil Seepunt vir Plettenbergbaai, het die hele span met groot geesdrif hul regrukprojek dopgehou. En noudat dit alles klaar is, het dié twee kreatiewes ons hartlik ingenooi om wel hul veilige hawe af te neem vir *Tuis* – ’n heerlike kykie na ’n huis vol patroon en kleur. Wat ’n fees vir die oog is dit nie. Kyk maar self op bl. 40 en geniet die uitbundigheid. Dis net die regte medisyne vir die vaal winterdae.

So gepraat van winter: Johané se kosstorie en slim planne met beesvleis – en veral die goedkoper snitte – sal jou maag vul én jou hart warmer laat klop. En die sonnige Mediterreense tuin in Johannesburg laat my klaar verlang na die lente.

Nie dat ek omgee vir die winter nie, want elke seisoen het sy eie bekoring. En elke seisoensverandering is die bewys dat die wêreld steeds om sy eie as wentel en die lekker ou lewe ons nog beskore is.

Dankie tog!

Die fokus in hierdie uitgawe is leefareas, seker die moeilikste ruimte om reg te kry in enige huis. Want dis ’n vertrek wat hard werk en waar troeteldiere en kinders en vriende almal gelyk ’n sit- of lêplek soek.

Iemand vra anderdag vir my wat die twee groot trends is wat ek dink nooit sal verander in Suid-Afrikaanse huise nie, en my antwoord was eenvoudig: die oopplan-leefstyl is hier om te bly, en as ons buitentoe kan leef en goeie vloei kan skep tussen binne- en buiteruimtes, is dit voorwaar vir almal ’n bonus. Verby is die dae dat daar ’n formele sitkamer is, en “buite kuier” iets is wat gebeur op ’n verlore patio stoel van plastiek onder ’n boom!

Nee, ons wil by mekaar wees en saám kuier. Soos dit hoort, en hopelik vir nog baie seisoene wat sal kom en gaan.

Lekker lees en bly warm!



WICUS
redakteur@tuis.co.za

tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Teksredakteur
Digitale redaksie
Multimedia-joernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Elna van der Merwe
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé

MEDEWERKERS

Sven Alberding, Robyn Alexander, Johletta Brits, Karin Brynard, Greg Cox, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Gillian Eva, Lynne Fraser, French + Tye, Mary Jane Harris, Warren Heath, Christoph Hoffmann, ER Lombard, Alani Nel, Connall Oosterbroek, Karl Rogers, Maritze van den Berg, Amanda van Wyngaardt

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela Di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois

ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Hoof: Sakeontwikkeling en strategieondersteuning

Lise van Breda, lise.coetsee@media24.com

Geleenthheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kreatiewe hoof Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: Spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Produksiebestuurder Christine Smith

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesa Hoosain

UITGEWERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

Inkomste hoof Nerisa Coetzee

Finansiële hoof Lana Goliath

Bedryfshoof Edwina Lyners

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder Ian Govender, ian.govender@media24.com

Produkbestuurder Janine Snyman, janine.snyman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers

MEDIA24

Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121



Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelijkheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

Die volgende uitgawe van *Tuis* is 11 Julie op straat.



Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.



33 jaar van gehaltdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 42 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuis spesialistevereniging.

 easylifekitchens.co.za

"EasyLife Kitchens was 'n plesier om mee saam te werk. Van die begin van die konsep regdeur die bouproses tot by die voltooide produk was hulle altyd professioneel. Die eindproduk met afwerkings van hoë gehalte is betyds en binne begroting gelever. 'n Spesiale dankie aan Izelle en haar span vir 'n uitmuntende taak." **Mnr. McAdam, Little Falls**

Ons lesers sê

WENBRIEF

Daar's 'n toring in my gang

Tania Bergh van Malmesbury skryf Ek is Parys-mal, of eerder, Eiffeltoring-behep. Almal wat my goed ken, weet my absolute droom is om eendag voor daardie toring te staan. Maar met die huidige rand teenoor die euro sal dit waarskynlik net 'n droom bly...

Ek het toe besluit as Mohammed nie na die toring kan gaan nie, moet die toring maar na Mohammed gaan. Met die hulp van 'n plaaslike dekorwinkel wat vir my die foto op vinyl gedruk het, het ek die toring op my gangkas se deure laat aanbring. Nou kan ek elke lieue dag as 't ware na die toring toe stap, gratis en verniet.



Erfgoed is oppasgoed

Engela le Roux van Bloemfontein skryf 'n Erfstuk is nie noodwendig 'n duur meubelstuk nie. Dit is dikwels 'n artikel met sentimentele waarde – soos Ouma se kombuisas wat onlangs herskep is en nou weer lééf!

Terwyl ek hierdie kas oorgedoen het, het ek weer wonderlike herinneringe beleef van konfytbottels, silwereetware, gestyfte lapservette en koekblikke gevul met Ouma se gebak.

Mag ons nooit erfstukke net los nie – mag hulle herleef om hul unieke stories aan die nageslag oor te dra.



KORTLIKS

Ons het self my kombuis ontwerp en gemaak. Die bankie is ook selfgemaak en die foto's bokant die stoof kom uit tydskrifte. My kombuis is my hart se plek waar als vroegdag begin. Dankie, Tuis, julle bly my inspirasie! – *Linda du Venage, Bronkhorstspuit*



Dit was nou lekker om deur die agt Tuis-tydskrifte te blaai waarin ons selfdoenprojekte verskyn het! Dit het goeie herinneringe weer in ons harte laat opvlam.

Baie dankie, Tuis, vir die geleentheid om ons skeppings te wys. – *Chantal en Juan Smit, Mooi'noot*

tuis

OP FACEBOOK

Wat is die een reuk wat 'n huis dadelik verwelkomend laat voel?

- 👍❤️ Suurlemoen, basilie en vars lemmetjies. – *Yvette Malan*
- 👍❤️ Tuisgemaakte brood en vars moerkoffie. – *Rosetta Meyer Calitz*
- 👍❤️ 'n Houtstoof en boudvleis in die oond. – *Belinda Claassen*
- 👍❤️ Duitse speserykoekies in Kersfeestyd. – *Ilke Sippel*
- 👍❤️ Gemmerkoekies of melkert met kaneel. – *Corina le Roux*
- 👍❤️ Tuisgebakte karringmelkbeskuit met anyssaad. – *Wilna Calitz*
- 👍❤️ Pampoen gebraaai met kaneelsuiker. – *Marietha du Preez*
- 👍❤️ Die vars reuk van my gunsteling-skoonmaakmiddel! – *Charmaine Bodenstein*

WEN! Die skrywer van die wenbrief kry 'n First Choice-geskenk-pak ter waarde van R3 000.

Al meer Suid-Afrikaners kies 'n gesonder lewenstyl en First Choice bied heerlike suiwelesnoepgoed wat gemak en bederf in een is! First Choice Power Cup is 'n langlewesuiwelesnoepery wat onopgemaak tot ses maande kan hou. Dit kan by kamertemperatuur, koud of bevrore geniet word – dis ideaal vir uitkamp, kosblikke of 'n vinnige happie tuis. Beschikbaar in sewe heerlike geure: Vanilla Custard, Mixed Fruit, Strawberry, Strawberry & Banana, Granadilla, Cream Soda, en Coconut – daar's 'n geur vir almal. Die geskenkpak sluit in 'n Stanley-beker, Dairy Snackkoelsak, Power Cup-koelhouer, Power Cup-pet en 'n R1 000-geskenkbewys om te bestee by shopfirstchoice.co.za.

Volg First Choice op facebook.com/FirstChoicePowerCup of [Instagram.com/first_choice_power_cup](https://www.instagram.com/first_choice_power_cup)



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.

Cielo

... NOG 'N PAAR **MINUTE**

STORES: FOURWAYS • KRAMERVILLE • CENTURION • PRETORIA • EDENVALE • ALBERTON • ROODEPOORT
SOMERSET-WES • GEORGE • TABLE BAY • DE WATERKANT • BALLITO • PORT ELIZABETH • NESPRUIT
NAMIBIA: WINDHOEK • MAURITIUS

DIE CORINA BED REEKS
CIELO.CO.ZA





Wat's nuut

Saamgestel deur
Johané Neilson



Walnut Genesis-koffietafel van okkerneuthout
(140 cm L x 70 cm B x 40 cm H; ook beskikbaar
in kiaat en essenhout) R14 243, alwyndesigns.com

Geruite Prairie-deken
R1 700, shop.babylonstoren.com



Ligspel

K.Light se nuwe middelslag-LED-lampskerms van metaalringetjies (40 cm H x 14.6 cm D; klight.co.za) skep 'n artistieke wisselwerking van lig en skaduwee. Hulle is beskikbaar in Black (R1 260), Chrome (R1 330) en Gold (R1 330).

Canyon-kussingootreksel van linneryk-mengsel met borduurdetail (60 x 60 cm; kussing met gansvere en -dons ingesluit.) R1 900, hertexhaus.co.za



VIR 'N GOEIE DOEL

Al Romo se handgepluiste matte spog met die GoodWeave-etiket. GoodWeave is 'n organisasie sonder winsbejag wat daarop gemik is om te verseker dat geen kinder- of dwangarbeid in die vervaardiging van 'n gesertifiseerde produk gebruik word nie. 'n Persentasie van die koste van hul matte gaan na die ondersteuning van opvoedkundige en maatskaplike programme in Indië en Nepal. Ons is verlief op die Clarice-mat, wat hier in die Zinnia-kleurontwerp gewys word (prys op aanvraag). Om 'n toonlokaal naby jou op te spoor besoek romosouthafrica.com.



Coricraft het 'n winkel in die Menlyn Park-winkelsentrum in Pretoria geopen! Hierdie huiswareparadys is die perfekte plek vir tydlose meubels en bykomstighede wat gemaak is vir gemak en styl. Loer in by winkel L30 by ingang 13 of besoek coricraft.co.za.



Pragtige patrone

Die Britse handelsmerk ILIV se nuwe Rewilding-materiaalreeks word plaaslik eksklusief versprei deur St Leger & Viney. Dit is geïnspireer deur die skoonheid van die natuur en bied botaniese motiewe, borduurdetail, bedrukte patrone en weefstowwe in drie kleurskemas: Blue, Green en Chintz. Besoek stleger.co.za.



Mooi buite

Die nuwe Galapagos-kombuis-eiland van die Haldane-meubelontwerpateljee word gemaak van hoëgraadse, weerbestande materiale – net reg vir jou patio! Dis beskikbaar in verskillende afwerkings en kan aangepas word vir jou ruimte en buitelug-kombuistoestelle. Op die foto is die lieflike Light-footed Crab (prys op aanvraag) met ruim pakkplek en 'n groot werkoppervlak. Besoek haldane.co.za. >>



VIR JOU DAGBOEK

Moenie Decorex Kaapstad in die KIKS van 5–8 Junie en Decorex Johannesburg in die Sandton-konferensiesentrum van 24–27 Julie misloop nie. Geniet die beste ontwerp, innovasie en inspirasie uit die Afrika-vasteland met meer as 300 uitstallers. Kaartjies kos R150 aanlyn en R160 by die deur; besoek decorex.co.za.

WAT'S NUUT

Marvel Diva Amethyst
Lappato-porseleinteëls
(1 200 x 2 780 mm)
R1 590/m²

GROOT TEËLS

Skep 'n dramatiese, vaartbelynde en naatlose voorkoms met Italtile se pragtige Signature Slab-reeks. Die ekstra groot, maatgesnyde porseleinteëls word uit Spanje ingevoer en is ongeveer 1 200 x 2 800 mm elk. Lê die nie-poreuse teëls op mure, vloere, werkblaaie en kombuis-eilande vir 'n vlek- en bakteriebestande oppervlak. Besoek italtile.co.za vir 'n toonlokaal naby jou.

Die nuwe Poetry-konsepwinkel by Hoofstraat 295 in Seepunt in die historiese Laughtons Hardware-gebou is 'n fees van mode en huisware. In 'n era waar alles aanlyn beskikbaar is, is dit verfrissend om te kan vat en voel aan wat te koop aangebied word. Poetry het saamgespan met die stigter van Source Artistry, Tina le Cordeur, om die winkel te vul met 'n uitgesoekte reeks kunswerke van regoor Suid-Afrika. Kry meer by poetrystores.co.za.



Kyk die nuwe 20 cm lange Wavy-handvatsel deur Kanaän Design Studio in Gqeberha (beskikbaar in White Foam of Black Waters; R110, kanaandesigstudio.com). Bestel joune aanlyn en lees meer oor sy doelgedrewe ontwerp.

Sabi- (*links*) en Tuscan Monkey-kussing met slope van 100% linne en gestop met gansvere en -dons (60 x 60 cm) R1 295 elk, blockandchisel.co.za >>

Mal hieroor!

Die Tiebele-bank van poeierbedekte staal en met veselrietweefwerk (48 cm H x 160 cm L x 40 cm D; R8 190, douglasanddouglas.co.za) word handgemaak in Durban. Ons het hierdie pragtige pasgemaakte kleurskema op Instagram gesien!

Tydlose elegansie

DIE TULBAGH-LEERVERSAMELING



incanda
FURNITURE



Koop aanlyn
www.incanda.co.za

Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Windhoek Design Hub



**Signature Rowboat Oars
+ The Great Outdoors-
geurkers R270**



Skep & vernuwe!

WIE Shelley Hall • **WAAR** Gqeberha
BESIGHEID Salt + Light Co.

HAAR WERK In die ateljee van Salt + Light Co. word weelderige klapperwaskerse vir 'n goeie doel gemaak. Die stigter en leer-skoolonderwyser Shelley Hall is passievol oor opvoedkunde en 'n deel van die opbrengs word juis geskenk aan Heatherbank Primary School waar kinders van Walmer-township gehalte-ondererrig ontvang. "My rol as onderwyser en handwerker gee my besigheid 'n hart, doel en verbintenis met gemeenskapsopheffing," sê sy.

Elke Salt + Light Co.-kers word met die hand gegiet van skoonbrandende klapperwas van hoë gehalte en spesiaal gemengde geurolies. "Ons estetika is verfyn en elegant. My klante hou veral van die Signature-reeks, wat gereed is om present te gee met 'n bypassende geskenketiket wat ingesluit is in die boks," voeg Shelley by.



**Luanda-rottanglampstel in
Oatmeal (35 cm H x 20 cm B)
R399.99 mrphome.com**



Nostalgies

Maison Cape Town se nuwe reeks spog met handgemaakte bedstyle en ottomans geïnspireer deur die Engelse platteland. Ons hou van die strepe, frille en nostalgiese gevoel.

Die Wavy-bedstyl
(R6 990 vir koningsgrootte;
R7 990 vir koningsgrootte)
kan bestel word in
verskillende stoffeerstowwe
by maisoncapetown.com.



12 tuis Junie | Julie 2025

So hemels

**Rietgeurverspreiers in vierkantige glashouers (beskikbaar in vyf geure)
R205 vir 120 ml, roomservicehomeware.co.za**

DUURSAAM EN ELEGANT

Cielo se nuwe Vintage Leather Collection met verskillende stoele en kroegstoele spreek van gemak en vakmanskap – daar is selfs 'n boksoefensak en -handskoene! Die neutrale skakerings komplementeer enige palet; besoek cielo.co.za.



Van links: Reeves-eetkamerstoel (Vintage Tan); hoë Willis-kroegstoel (Mocha); McClane-stoel (Bourbon); Neeson-eetkamerstoel (Bourbon); hoë Gibbs-kroegstoel (Mocha); Norris-eetkamerstoel (Green). 📍

SNOESIGE GEMAK

Room Service belooft styl en gehalte wat jy kan vertrou!

**ROOM
SERVICE**
HOMEWARE

Of jy 'n gastehuis, B&B of jou eie huis inrig, met Room Service is jy verseker van uitnemendheid en sofistikasie – teen bekostigbare pryse. Ons is trots daarop om plaaslik vervaardigde kleinhandel- en hotelgehalte-beddegoed te bied, insluitend duvets, kussings, linne en matrasbeskermers. En jy kan jou plek nóg mooier maak met ons pragtige reeks huisware-items!

Duvetsloopstel van 200-draadtelling 100% katoen (ook beskikbaar in polikatoen) R445 tot R785; super-sagte vliesjapon (een grootte pas almal) R550; 100% Light Grey katoenkometers (180 x 200 cm; ook beskikbaar in Coffee) R650

Fog Blue chenille-strooikussing-oortreksel R145; Light Grey kometers van 100% katoen (180 x 200 cm) R650; geweepte katoenmat R199; nagemaakte olifantoorplant R350; nagemaakte palmboom R395; reliëfglaskers R215; tropiese rietgeurverspreier R220; vierkantige glas-rietgeurverspreier R205; vliespantoffels R35



'n Reeks rietgeurverspreiers, geursakkies en kerse R20 tot R220



Flennievlies-kometers (230 x 200 cm; beskikbaar in Grey, Orchid en Stone) R395 elk



Oxford-duvetsloopstel van 200-draadtelling-polikatoen (kussingslope ingesluit) R402 tot R788; paslaken van 200-draadtelling-polikatoen (ook beskikbaar in 200-draadtelling 100% katoen) R212 tot R322



Donsbestande duvet van 100% katoenmikrovesel (8-tog) R494 tot R937; donsbestande standaard-kussing van 100% katoenmikrovesel R144; koningkussing R191

MÉÉR AS gangbaar

Kleur en kreatiwiteit neem dié gange van vervelig na fantasties.

Saamgestel deur
Johané Neilson

VERFKLEUR

Plascon
Tiny Pink

Plesierige pienk

Petit Pineapple House-boetiekhotel is 'n fees vir die sintuie – ons kan nie genoeg kry van die eienaar, Lesley Sykes, se innoverende dekorplanne nie! Sy hou daarvan om kleure en teksture kreatief te gebruik, en hierdie lang gang is die toonbeeld van dié ontwerpemos. Hier het sy 'n bleek pienk op die mure gekombineer met donker vloere, lopers met goue rande en elegante hanglampe.

Die houtvloere was nie in 'n goeie toestand nie, daarom het Lesley besluit om dit te verf. Sy het maskeerband en 'n standaard-liniaal gebruik om die dubbele wit rand te skep en toe donkergrys tussen die lyne geverf.

'n Uitstalling van borde teen die muur gee persoonlikheid aan dié smal ruimte.

Hangligte van lighting.co.za; pers konsoletafel van Block & Chisel; kunswerk van Jasper & Jute

Hou dit lig

Die gereelde *Tuis*-medewerker en kunstenaar Kim Black is nie bang om kleur mildelik te gebruik nie. "Dié gang tussen die gasteslaapkamer en sitkamer is taamlik lank en 'n bietjie donker," verduidelik sy. "Ek het besluit om 'n patroon op die muur te verf vir 'n interessante fokuspunt en om die gang ligter te laat lyk. Ek het min tyd gehad, so ek het 'n maklike ontwerp gekies en die breedte van my verfkwas as 'n riglyn gebruik."

Kim het Iris Acrylic Yellow Ochre en Cadmium Yellow gemeng om die perfekte skakering vir dié ruimte te skep. "Gaste is verbaas oor die portaal en kan nie wag om te sien wat nog voorlê nie!" >>

Mat van Hertex Haus

Rakruimte

Die keramiekkunstenaar Kate Malan en haar man, Craig, is ywerige selfdoeners en hul huis in Gqeberha is vol slim planne. "Ek wou 'n konsoletafel by die voordeur hê waar ek sleutels kan neersit en vir oulaas in die spieël kan kyk voordat ek uithardloop, maar ons kon nie een kry wat in die klein ruimte werk nie," verduidelik Kate. "Om die probleem op te los, het ons 'n houtrak hergebruik, dit 'n lekseltjie vernis gegee en helderpienk pote bygevoeg net vir die pret. Die pienk is spuitverf, so ons kan dit verander wanneer ons moeg word daarvoor."

VERFKLEUR

Plascon
Tribeca
Corner

VERFKLEUR

Dulux
Cerise Feel

Natuurlik mooi

Nathalie Ammann en John Blignaut se modulêre vakansiehuisie in Pringlebaai is fyn afgerond, maar ontspanne. “Die idee was om die plek met kleur te deurdrenk,” sê Nathalie, “en ons vriendin Jani Goussard, kleurspesialis van Paint & Decor, het ons gehelp om die perfekte palet te kies. Geïnspireer deur die see en omliggende fynbos het ons mistige groene en perskekleurige korale gekombineer.” Die eindresultaat is ’n selfversekerde en kontemporêre voorkoms met ’n rustige gevoel. 🏡

Weggesteek in die mezzanine-area bokant die kombuis – en net bereikbaar met die leer in die gang – is klein Amelia se knus slaapplek.

Deur Robyn Alexander/Bureaux • Foto Warren Heath/Bureaux • Produkcie Sven Alberding/Bureaux

Bungalow ontwerp deur Mobile Maisonette; verkleure gemeng deur Paint & Decor; houtleer gemaak deur JNA Group; hoede-en-jasrak van Ayris Collection; swart vrugtebak op toonbank van Woolworths

KONTAKTE EN VERSKAFFERS

Ayris Collection ayris.co.za
Block & Chisel blockandchisel.co.za
Dulux dulux.co.za
Hertex Haus hertexhaus.co.za
Jasper & Jute jasperandjute.co.za
JNA Group jnagroup.co.za
Kate Malan Creative instagram.com/katemalancreative
Mobile Maisonette mobilemaisonette.com
Paint & Decor paintdecoridj.com
Petit Pineapple House petitpineapplehouse.co.za
Plascon plascon.com
Woolworths woolworths.co.za



WIE WOON HIER?

Dawid Augustyn en Zane Stevens saam
met Lilly die Engelse Pointer

WAAR Tamboerskloof, Kaapstad

GROOTTE 217 m²

Detail tipies van die huis
se era soos die gekurfd
sinkdak, groot skuifvensters
en gietysterafwerking, wat
broekieskant genoem word,
is behou aan die fasade van
Dawid en Zane se huis.

Kreatiewe bewaring

'n Victoriaanse huis in Kaapstad se historiese kenmerke word belig deur 'n gesofistikeerde opknapping.

Woorde Robyn Alexander
Foto's Greg Cox/Bureaux
Produksie Sven Alberding/Bureaux

Die kombuis is vergroot en omsluit deur swart skuifvensters wat oopmaak op 'n binnehof en buitevuurmaakplek. Die marmervloer is geïnspireer deur ouwêreldse terrazzo wat in vele woonstel- en openbare geboue in Italië gebruik is. Die lang, smal tafel is ontwerp en gemaak deur Dawid vir Establishment en staan langs 'n ingeboude bank van gepoleerde klip.

Kopermuurligte deur Jieldé; Marcel Breuer-stoele van Establishment; groot swart plantpot van Ferm Living

Teen die galerymuur in die leefvertrek hang werk van Hugo Maritz (*heel links*), Jessica Bosworth Smith (*bo regs*) en Jeanne Human (*heel regs*).

Sofa van LIM; stoel en voetstoel van Minotti; kandelaar deur Aromas Del Campo; amber handgeblaaste glastafeltjies en gekombineerde tafel en lamp deur Miniforms; opgestopte uil van Mandibles; roomkleurige mat van 'n mark in Marokko

Dit sit nie in enigiemand se broek om 'n historiese huis op te knap nie. Van die verkryging van goedkeuring by Erfenis Wes-Kaap en die munisipaliteit tot onvoorsiene strukturele probleme en omgekrapte bure bly dit 'n ingewikkelde proses, ook wat ontwerp en koste betref.

Dié Victoriaanse huis in Tamboerskloof, Kaapstad, is in 1904 gebou as een van 'n ry skakelhuse in 'n pragtige boomryke straat. Gelukkig was een van die stad se top-binneontwerpers, wat sy eie bourekenpraktijk het en ook die mede-eienaar van die huis is, aan die stuur van sake. Dawid Augustyn is al 18 jaar besturende direkteur van sy binneontwerp-onderneming, Establishment.

“Ons hou dit klein en doen nie baie projekte op 'n slag nie. So bly dit persoonlik. Ek sê altyd, my grootmensewerk is om 'n bourekenaar te wees en Establishment is my speelplek.”



'n Knik na gister en vandag

Die huis is deur Dawid se man, Zane Stevens, 'n endokrinoloog, gekoop voordat hulle mekaar ontmoet het. Dit was die huis se ligging en geskiedenis wat Zane aangetrek het. "Ek het gehou van die buurt en die gevoel van buurmanskap," vertel hy. "Ek was nog altyd lief vir Victoriaanse huise en het uitgesien om dié een 'n nuwe kans te gee."

In die jare tussenin het die twee in hul onderskeie eiendomme in die stad gewoon tot hulle besluit het om Zane se "ou dame" op te knap om by hul lewenstyl te pas.

Dawid sê dis belangrik dat historiese huise op 'n sensitiewe manier herstel word om te werk vir hul huidige inwoners – nou en in die toekoms.

"Ons glo vas dat sulke ouer huise gemoderniseer moet kan word, anders sal hulle net verval – wat beteken daar sal geen sprake van bewaring wees nie," verduidelik hy.

Die beplanningsproses hier het ingesluit dat elke element van die huis bekyk en oorweeg is, van die kenmerkende gietysterafwerking van die fasade tot die oorspronklike houtvloere, vloerlyste en kaggel.

Dit is alles behou, maar opgeknap en met die slim aangepaste vloerplan is die interieur vernuwe op 'n manier wat die verlede elegant deel maak daarvan. >>

Knus tussen die leefvertrek en die kombuis staan 'n metaaltafel en -stoel in 'n eethoekie waar die oorspronklike kaggel gesien kan word. Op die kaggelrak staan keramiekkershouers van 'n mark in Marrakesj en twee Testa di Moro-vase uit Sicilië, waar hulle getroud is.

Die soliede muur tussen die leef- en eetvertrek is al kant half afgebreek en toe bedek met geriffelde panele. Links is die trap na die nuwe boonste vloer te sien.

Smeulstofie deur Charnwood



Tafel en stoele deur Gregor Jenkin;
kunswerk teen trapmuur deur
Morné Visagie; Smoke-kandelaar
deur Maarten Baas vir Moooi

Vir die trap na die boonste vloer het Dawid 'n soliede dog grasiëuse ontwerp geteken. "Ek hou van 'n trap wat nie skaam is om 'n trap te wees nie," sê hy met 'n glimlag. Die gekurfde, ten volle handgemaakte, gepleisterde balustrade spog net soos die staalraamvensters met 'n tikkie elegansie wat aan die 1930's herinner.



Ovaal buffet deur Poliform;
staanspieël van LIM; tafel-
lamp deur Menu

Die kombuis is ontwerp om onthaal te vergemaklik. Dawid het die koperbeklede kombuiseiland en vloer gekonseptualiseer. Die terrazzo-geïnspireerde voorkoms is verkry deur swart Nero Marquina- en Carrara Bianco-marmer te meng. 'n Opwasplek wat versteek word in die agterste hoek, hou skottelgoed uit die oog en verskaf baie pakplek vir kruideniersware sowel as kastrolle, breekgoed en glasware. >>

Multi-Lite-hanglampe deur Gubi; mengkrane van Victorian Bathrooms; Shaws-keramiekwasbak van Lavo Bathroom Concepts



Die TV-area kan met skuifdeure toegemaak word as 'n gas wil oorslaap, daarom is hier ook 'n uittrekbed. Die sagte wolmat uit Marrakesj gee 'n knus gevoel.



Sofa deur Douglas & Douglas; hout-en-rottangkas van Cane Collection; travertynkoffietafel en houtstoeltjies van Lemon; muurlamp van Establishment; geraamde foto deur Jonathan Baena

Plante groei welig in die buitestort.



Handgemaakte teëls deur Veelvlak; stortkop van Lavo Bathroom Concepts


Dubbele doel

In 'n relatief kleinerige huis soos dié moet die ruimtes hard werk en waar moontlik meer as een funksie verrig. Dawid en Zane het byvoorbeeld besluit om die wasmasjien en tuimeldroër diskreet in die slaapkamersuite te huisves en verskeie vertrekke op die grondvloer dien ook meer as een doel: die eetarea oorkant die kombuis werk goed as tuiskantoor en Zane se private studeerkamer, sy "persoonlike heiligdom", is ook 'n biblioteek, musiekkamer en skatkis vol spesiale items.

"Hier het ons nogal 'n waaghalsige kleur gekies – 'n ryk terracotta – vir die mure sowel as die plafon," sê Zane. Reg aan die voorkant van die huis is 'n TV- en leeskamer met skuifdeure wat ook gebruik word as gastekamer kompleet met 'n badkamertjie en toilet langsaan.

Die openbare en private areas in die huis sluit naatloos bymekaar aan. Dit is gemeubileer met items wat deur Establishment opgespoor is asook met versamelgoed en kuns wat die twee deur die jare bymekaargemaak het.

Die huis kombineer kontemporêre elemente met ouderwetse elegansie op 'n manier wat die verlede én die hede respekteer en wat die twee inwoners nog jare lank plesier sal verskaf. >>



In Zane se musiek-en-studeerkamer staan sy vleuelklavier, boeke, kuns en artefakte. Dit word met glasdeure afgeskei van die ander ruimtes. Dit is ontwerp as die soort "kunskamer" wat in Renaissance-Europa algemeen was, vertel Dawid.



Die 'La Dolce Vita'-
teël is in Via Margutta
in Rome aangeskaf.



Minimalistiese staaltrappe (*links*) lei vanaf die dek op die eerste verdieping na die binnehof onder. Dieselfde vloer in die kombuis en binnehof gee 'n naatlose oorgang tussen binne en buite. In die binnehof is 'n plonspoel, buitebraai en twee Adirondack-stoele gemaak deur 'n vriend van Dawid. Vase en terracottapotte – een beplant met 'n olyfboom en ander met vetplante en kaktusse – is mooi aksente in die monochroom palet.

Muurgemonteerde buiteligte van DCW Editions; Chispa- draagbare ligte op trappe (*links*) deur Joan Gaspar vir Marset

Die hoofslaapkamer se oopplan-badkamer spog met houtpaneel en 'n ruim stort. Die dubbele wasbak is deur Dawid ontwerp en beklee met swart Nero Marquina-marmer.

Crosswater-kraan van Lavo Bathroom Concepts; muurligte deur Aromas Del Campo; spieël ontwerp en gemaak deur Dawid vir Establishment



Die hoofslaapkamer spreek van eenvoud en rustigheid. Die bed en kopstuk is ontwerp en gemaak deur Dawid vir Establishment. Die swart-wit foto's is op van hul reise geneem.

Leeslampe deur Artemide



Die stort, beklee met swart Nero Marquina-marmer, het 'n uitsig tot op die Hottentots-Holland-berge in die verte.

Crosswater-koppermengkraan, handstort en stortkop van Lavo Bathroom Concepts; handdoek van Mungo

Privaatheid bo

Die slaapkamer-suite bo voel soos 'n aparte woonstel. 'n Mens stap deur 'n klein studeerkamer en aantrekplek met hope ingeboude pakplek. Dit maak oop in die hoofslaapkamer met sy gesofistikeerde oopplan-badkamer waar swart marmer rojal ingespan is.

“Ek wou 'n manlike, meer tradisionele atmosfeer skep wat tegelykertyd sag en kontemporêr is,” sê Dawid. En dit is presies wat hy vermag het in dié stiller ruimte.

Die slaapkamer loop uit op 'n ruim dek met 'n preeel en twee ingeboude dagbeddens.

“Dit was vir my baie belangrik om 'n tuin te hê. Ons is geïnspireer deur The High Line-tuin in New York en het grasse en plante gebruik wat tuimel en beweeg in die wind,” verduidelik Dawid.

Daar is natuurlik ook 'n stukkie gras vir die paar se geliefde Lilly die Engelse Pointer. 🏠

Die dek gee 'n lieflike uitsig op die stad en berg.

Ronde tafeltjie deur Haldane

Die plante sluit in fonteingras (*Pennisetum advena* 'Rubrum') en sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) en bring beweging en kontras na die dek.

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Aromas Del Campo aromasdelcampo.com Artemide artemide.com Cane Collection cane-collection.com Charnwood charnwood.com Clei clei.it DCW Editions dcw-editions.fr Douglas & Douglas douglasanddouglas.co.za Dulux dulux.com Establishment establishment.co.za Ferm Living fermliving.com Gregor Jenkin gregorjenkin.com Gubi gubi.com Haldane haldane.co.za Hugo Maritz hugomaritz.co.za Jeanne Human 083 660 0691 Jessica Bosworth Smith jessicabosworthsmith.com Jhonathan Baena jhonathanbaena.com Jieldé jielde.com Lavo Bathroom Concepts lavo.co.za Lemon lemoncollection.co.za LIM lim.co.za Mandibles mandibles.myshopify.com Marset marset.com Menu menuspace.com Miniforms miniforms.com Minotti minotti.com Moooi moooi.com Morné Visagie mornevisagie.com Mungo mungo.co.za Poliform poliform.it Veelvlak vlvlk.com Victorian Bathrooms victorianbathrooms.co.za

**NUWE
VOORRAAD**
TEEN EENMALIG-LAE PRYSE

DIE BESTE VAN EUROPESE VAKMANSKAP.

VAN R349m²



BERLIN AVORIO
333x1000mm

WAVES BLANCO
333x1000mm

MARMI NIEVE
300x900mm

LINGTON PERLA
333x1000mm

RODAS PERLA
333x1000mm

RELIEF AVEDILLO MIX DÉCOR
300x900mm

**GROOT BESPARINGS
BEKENDSTELLINGS-PRYS R179m²**

STRATUS RANGE OP PLAASLIKE KUNSWERKE 600x600mm

Houtskool & Grys Glipbestand
INTREEPRYS R199m²



WIT

GRYS

HOUTSKOOL



UITGESOEKTE **KRANE**

TOT 20% AF

TIVOLI

UITGESOEKTE **MOSAÏEKTÊLS**

TOT 50% AF



GLOBAL STONE

GRANADA CAMBRIA Muurgemonteerde Wasbak
Met Kraanopening **NOU R6 490** elk WAS R7 490

JEEVES SIENNA Mat Swart Vlekvrye
Staal Elektriese Verhitte Handdoekreling
NOU R5 190 elk WAS R6 490

VICTORIA & ALBERT WARNDON
Glanswit Vrystaande Bad
NOU R26 990 elk WAS R30 990



700x380x450mm

JEEVES
HEATED TOWEL RAILS



25-
jaar-
waarborg

victoria & albert®
volcanic limestone bathtubs

LAUFEN BASAL vulkaniese
kalksteen-baddens **NOU R2 290** elk



600x450mm

THE ART OF LIVING

PROMOSIE NOU AAN!

KRY BONATUURLIKE BESPARINGS OP HEMELSE STYL

TEËLS | KRANE | SANITÊRE WARE | BADKAMERMEUBELS

Ons vertoonlokale is 7 dae per week oop. Pryse is geldig terwyl voorraad hou en onderhewig aan verandering. Pryse sluit BTW in.

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

THE **ART** OF **LIVING**

NUWE XXL-VOORRAAD

GROOT FORMAAT | HOË-GLANS | PORSELEIN | MUUR & VLOER

FANTASY
1200x1800mm

**STATUARIO RAMA
BROWN**
1200x1800mm

SILE STONE NATURAL & WHITE
800x1600mm

CLOUDY BEIGE
800x1600mm

BEETEL CLOUD
800x1600mm

GEE UTING AAN JOU **KREATIWITEIT** MET **EKO-SJIEK** VAKMANSKAP.

**TOT
40% AF VANAF R299_{m²}**

EDEN SATUARIO
600x1200mm

ISEO
600x1200mm

CAVE
600x1200mm

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

Soek deur hierdie pragtige produkte en soveel meer in die winkel of aanlyn. www.italtile.co.za/theartoflivingpromo

Ontwerp

VIR OOP EN TOE LEEFRUIMTES

Die dekor- en meubel-doyenne Sue McCoubrey
nooi ons na haar gesinshuis.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Karl Rogers
Produksie Marian van Wyk

Die vuurput omring deur
bome en gerieflike sitplek
is 'n heerlike kuierplek.

WIE WOON HIER? Sue McCoubrey en haar man met hul drie kinders,
twee katte en 'n Jack Russell

WAAR Constantia, Kaapstad

GROOTTE sowat 400 m²

'n Staalraam-glaspaneel skei
die leefarea van die meer
knus hoekies.



Ons huis werk vir ons gesin – ek is nie so gepla
oor hoe dit lyk nie; *dit gaan meer oor*
hoe ons hier leef. – Sue

Sue McCoubrey glo in meubels van soliede hout wat goed gemaak is en gebou is om te hou – en wat met die ouderdom verbeter. Sy het hierdie waardering geërf by haar ouers, Sibley en Lynn McAdam, wat byna 40 jaar gelede die meubelonderneming Block & Chisel begin het.

Behalwe 'n paar spesiale items wat Sue op haar reise versamel het, is die meeste van die meubels in haar huis natuurlik van Block & Chisel. Sy lêëf die handelsmerk as mede-eienaar (saam met haar broer, Paul McAdam) van die familiebesigheid, ook as 'n dekorsmaakmaker op Instagram en as tuisteskepper saam met haar man en hul drie kinders, twee gemmerkatte genaamd Harry en Peter, en Joey, 'n energieke Jack Russell.

Die McCoubreys se huis, geleë in 'n eko-landgoed met pragtige berguitsigte en groot bome, is 'n verwelkomende ruimte wat een is met die natuur. In 2013 toe hulle die eiendom gekoop het, moes dié potensiaal egter nog verwesenlik word. “Dit was soos 'n ou, groot en leë skilderdoek,” sê Sue. “Selfs nou hou ek nie van die argitektuur nie, maar ek hou van die oop ruimtes en al die natuurlike lig. Ek was aangetrokke tot die skaal van die gebou en die skuuragtige plafonne. Dit het gevoel soos 'n huis met 'n sterk basiese raamwerk wat net gewag het om tot iets groots omvorm te word.”

Oor die jare het sy dié “leë doek” in 'n lieflike gesinshuis verander. Vandag spog dit met 'n eklektiese versameling mooigoed, eerder as 'n spesifieke styl, en 'n kontemporêre estetika met baie natuurlike tecture. Dit is 'n huis met Afrika- en Asiatiese invloede, maar die belangrikste vir haar is dat dit 'n huis met karakter is. >>



Die elegante vinielvloer met sy visgraatpatroon is duursaam en maklik om skoon te hou.

Die tuin is 'n rustige, private plek. “Ek het 'n priemel oor 'n dek gebou en 'n Chinese wisteria en grenadella bo-oor laat rank,” sê Sue. “Daar is ook 'n groot grasperk waar die kinders kan speel. Dit voel kompleet soos 'n geheime wegkruipplek.”



Sue is mal oor die natuurlike skakerings van die teëls agter die stoof en die manier waarop hulle die ruimte anker. Ekstra dik, wit Caesarstone-oppervlakke lyk vars saam met al die tekstuurryke elemente in die kombuis.

Teëls van Tilespace

Ek hou van die groot kap van die suigwaaier en die oorgroot ligte bo die eiland.

– Sue

Verskillende vlakke

Talle veranderinge is by die huis aangebring. “Ons het baie gedoen!” sê Sue. “Ons het die kombuis oopgemaak om die groot skuurgatige ruimtes te beklemtoon. Ek hou daarvan om alles te sien en deel te voel van die ruimte, so ons het glas in plaas van mure gebruik om siglyne tussen binne en buite te handhaaf.”

Die oopplan-kombuis, -eetkamer en -leefarea is op verskillende vlakke met die sitkamer twee trappe hoër as die kombuis en die eetkamer drie trappe op. “Die waarde van hierdie vlakke is dat die areas geskei is, al voel die oopplan soos ’n eenheid,” verduidelik Sue. “Dit skep subtiele verdeling sonder dat mure nodig is.”

’n Staalraamglaspaneel baken die sitkamer verder af (sien bladsy 31). “Ek is aangetrokke tot hierdie klassieke voorkoms; die glaspaneel is neutraal en prakties en skep skoon lyne,” sê Sue.

“Ek hou van die skaal van die sitkamer. Die treffende ligte oor die koffietafel en etenstafel laat die ruimte warm en verwelkomend voel, amper soos klein ‘sit-nisse’ in die vertrek. Ek is ook mal oor die groot, opgepofte banke – die hele ruimte gaan oor gemak.”

Die natuurlike kleurskema strek tot by die kombuis. Hoewel die kaste grys geverf is, sê Sue dit is nie haar gunsteling-kleur nie. “Grys was destyds ’n trend, maar ek beweeg nou daarvan weg,” verduidelik sy. “Bygesê, dit is ’n baie ‘maklike’ kleur en dit werk goed met hout en groen – ek neig van nature na aardse kleure. Ek hou daarvan om ’n gevoel van kalmte te skep en te probeer werk met wat die beste by die huis en sy omgewing pas.” >>



Die hoofleefarea loop uit op die balkon. In die winter kry dit volson en soek almal ’n sitplek hier!

Sue McCoubrey



Die kombuisvenster kyk uit oor die swembad; handdoeke en speelgoed word onder die toonbank aan die agterkant gebêre.



Buitelewe

Die McCoubreys het ook die tuin herontwerp. "Oorspronklik was dit vol terrasse, so ons het dit verander in 'n enkele groot grasperk waar die kinders kan speel. Ons het 'n priel gebou en die swembad opgegradeer om 'n meer verwelkomende buite-area te skep. Die eindresultaat is 'n huis wat oop en verbind voel, maar steeds aparte, gedefinieerde ruimtes het. Elke deel van die huis word gebruik – daar is geen vermorste areas nie."

Vir Sue is die beste deel van die huis die oop-plankombuis wat na die swembad en braai lei. "Dit is waar ons die meeste van ons tyd deurbring," sê sy. "Dit is so 'n gesellige kuierplek vir onthaal." >>



Die "pajama-kuierkamer", twee trappies laer as die leefkamer, is nog 'n lekker uithangplek.

KENMERKENDE SEMENT- AFWERKINGS

Besoek een van ons vertoonlokale

Johannesburg
Jan Smutslaan 227, Parktown-Noord
011 447 3149

Centurion
Coachmen's Park 15, Jakarandastraat 26, Hennopspark
012 653 6808

Kaapstad
Eagle Park, Computerweg, Montague Gardens
021 555 1034




Vervaardigers van Kenmerkende Sementafwerkings
www.cemcrete.co.za | 0860 CEMCRETE | enquiry@cemcrete.co.za

CEMCRETE®

Die wasbakstaander in die hoofslaapkamer se badkamer is 'n paar jaar gelede by Victorian Bathrooms opgeraap. Die vars wit wasbak kontrasteer mooi met die warmer tone van die slaapkamer.



Treffende plakpapier skep 'n fokuspunt in die elegante studeerkamer.
Plakpapier van Cara Saven Wall Design



Plakpapier in die gastetoilet skep 'n tropiese gevoel.
Plakpapier van Hertex



SUE GEE DEKORWENKE

As dit kom by die keuse van dekoritems, sê Sue sy begin met waarvoor sy lief is. “Ek glo nie daaraan om enigiets te koop net ter wille van binneversiering nie of om ’n spesifieke styl te skep nie. My huis gaan oor gemak, nie oor stilering nie. Ek verkies skoon ruimtes gevul met items wat vir my betekenis het.” Hier is haar raad:

- Gebruik verskillende lae teksture – natuurlike materiale gee warmte en diepte.
- Moenie jou huis versier om ’n trend te volg nie; omring jou met dinge wat vir jou iets beteken.
- Balanseer oopheid met privaatheid. ’n Huis moet voel asof dit ’n eenheid is, maar moet steeds stil hoekies bied.
- Laat die lig in! Hou siglyne oop en gebruik glas om vloei te handhaaf.
- Belê in gehalte. Goedgemaakte meubels hou ’n leeftyd.
- Definieer ruimtes subtiel: Gebruik beligting, matte of vlakveranderings om sones af te baken.
- Werk saam met jou omgewing en laat die natuur jou keuses beïnvloed.

KONTAK [instagram.com/sue.loves](https://www.instagram.com/sue.loves) 🏠

Sue se slaapkamer is warm, weelderig en so effens eksoties. “Geel is ’n wonderlike feng shui-kleur en dit omsluit die kamer baie mooi,” verduidelik sy. “Hoewel dit nie groot is nie, voel dit weelderig en verwelkomend.”



VERSKAFFERS

Block & Chisel [blockandchisel.co.za](https://www.blockandchisel.co.za)

Caesarstone [caesarstone.co.za](https://www.caesarstone.co.za)

Cara Saven Wall Design [carasaven.com](https://www.carasaven.com)

Hertex [hertex.co.za](https://www.hertex.co.za) Tilespace [tilespace.co.za](https://www.tilespace.co.za)

Victorian Bathrooms [victorianbathrooms.co.za](https://www.victorianbathrooms.co.za)

LESERHUIS

WIE WOON HIER Marian van Wyk, Louis Botma en hulle katte, Nebukatneser en Sputnik
WAAR Poortjies, Plettenbergbaai
GROOTTE 330 m²

Die gewelfde dak skep 'n kokong gevoel in die hoofslaapkamer. "Dis wonderlik om hier aan die slaap te raak, veral as die maan deur die koepelvenster loer of die reën op die riffeldak dreun," sê Marian.

Laaikas van Popstrukt; katbankie deur Roelie van Heerden; mat van Rugalia



Kleur & kuns

LEEF BALDADIG SAAM


'n Mens moet behoorlik verlief wees op 'n huis om jou leefstyl drasties te verander sodat jy daar kan gaan woon.

Deur Marliza van den Berg • Foto's Greg Cox
Produksie Marian van Wyk

Die bougainvilleas en sonnige stoep herinner Louis en Marian aan Griekeland. Die pienk voordeur, so geverf deur die vorige eienaars, het die palet binne geïnspireer.

Veiligheidshek deur Eric's Welding

“Ek was nog altyd ’n groot aanhanger van ingeboude meubels,” sê Louis. ’n Muurnis is oopgebreek na die biblioteek om dit deel te maak van die leefgedeelte. “Die huis vra knus hoekies.” Die tafels, kuns en perd is veilingkopies en die twee wit metaalstoele was deel van die huisinhoud. Roes is uitgesny, die poeierbedekking is oorgedoen en die kussings is vervang.



Universal Leathered-granietteëls van Mazista; C&A Chama Cristal 69-kagel van Metelerkamp; stoffeerwerk deur Yvonne Luiters Upholstery; hondekombes (oor leuning) van Mungo



Die Eames Hang It All-hoederak in die portaal is 'n gunsteling-ontwerp uit 1953 en kom al jare saam met die egpaar.



LESERHUIS



Op die sypaadjie was sy klaar smoorverlief op die huis. “Ek het lank net na die gewelfde dak gestaar, wat my aan die ikoniese argitek Gawie Fagan se woonhuis, Die Es, herinner het. Die pienk stoepdeur het die laaste bietjie grond onder my voete uitgeslaan,” vertel Marian. Die ingeboude banke in die leefvertrek het haar en haar man, Louis, finaal oorreed dat hierdie huis 'n drastiese leefstylverandering sou regverdig.

Ná meer as twee dekades was Marian, kreatiewe redakteur van *Tuis*, en Louis, wat onlangs afgetree het, gereed om hulle See-punt-woonstel vir dié huis op Plettenbergbaai te verruil.

Marian is 'n avontuurlike seeswimmer. “Ek wou meer in die natuur swem en boonop het ons onwettig 'n tweede kat, Sputnik, in ons woonstel gehad.” Die nabygeleë Poortgies-strandmeer was 'n bonus en die skuif was boonop 'n terugkeer na haar Ooskus-wortels. “My grootwordplek, Astonbaai, is 170 km van Plettenbergbaai. Soutwater loop in my are en die Tsitsikamma-bos is diep in my hart.”

“Die huis met sy ingeboude meubels was net óns,” vertel Louis. “Interessante ruimtes met geen ‘cookie cutter-’ interieur nie, en 'n agtertuin wat aan die Tsitsikamma-bos herinner.”

Oktober 2023 het hulle vir ses maande ingetrek om die huis te beleef voordat die opknapwerk kon begin. “Die vakansiehuis moes omskep word in 'n woonhuis sonder om die oorspronklike karakter te verander,” vertel Louis.

“Hier was sewe slaapkamers,” verduidelik Marian, “waarvan drie in ander vertrekke omskep is: 'n biblioteek, 'n opwaskamer en 'n motorhuis. Louis is 'n ‘closet-’ argitek wat etlike notaboekke vol geskets het, en danksy ons bekwame tekenaar, Laszlo Berko van Retail Design Solution, is ons planne die eerste keer goed-gekeur. Ons bouer, Pierre Opperman van iBuild, was ook baie tegemoetkomend met ons langafstandprojek.”

'n Slaapkamer langs die kombuis is in 'n biblioteek vir die twee ywerige lesers omskep.



Die ingeboude banke is eie aan die sestiger-sewentigerjare. Die tafel is gekies sodat mens sagkens om sy rand by die banke kan inskuif. Die Tulip-stoele deur Eero Saarinen en die hanglamp, wat herinner aan die sestigerjare se ruimtereisdekor, is veilingkopies.

Geel beeldhouwerk deur Wehrner Lemmer; swemkussing (derde van links) van A Love Supreme; ander kussings van Skinny laMinx en Sixth Floor by Superbalist





'n Beknopte, donker betontrap is met 'n staaltrap vervang. Vir die vloer het Marian en Louis regdeur die huis groot (1200 x 600 mm) granietteëls gekies. "Ons hou van 'n eenvormige vloer vir die hele huis," sê Louis.

Staaltrap deur Eric's Welding; hanglamp-trio deur The Lamp Workshop; oranje staanlamp (oorkant) van Arora Lights



Louis het die mallemeuleperd op 'n veiling gesien en dadelik aan die opening tussen die trap en die sitkamer gedink. "Ek gebruik graag goed vir 'n ander funksie as waarvoor dit bedoel is," sê hy.



'n Skoon skilderdoek vir baldadige kleur

Vir die dekor het die helderpienk houtstoepdeur en gewelfde dak die kreatiewe vryheid van die sewentigs in hulle losgemaak. "Ons huis is 'n tydreis na daardie era," sê Louis.

"Ek is gek na geometriese patrone en die geronde dak het my na sirkelmotiewe gelei," vertel Marian. " 'n Halfsirkel is 'n ongelooflike speelding met eindelose moontlikhede." Niks is net saamgegooi nie en die sirkeltema loop deur die hele huis. 'n Paar gemene delers laat alles saamwerk: Herhalende kleure, geometriese patrone wat dieselfde ontwerptaal praat en effekleurige agtergronde vir kalmte. "Ek is mal oor helder kleur, maar verkies wit mure. Dit skep 'n skoon skilderdoek vir baldadige spatsels kleur en laat helder kleure dans," vertel Marian.

"Die leefvertrekke is kleurvoller as ons persoonlike ruimtes. Oranje is my gunstelingkleur en word plek-plek herhaal. Dit skep 'n ritme." Koeler kleure oorheers die sonnige boonste verdieping.

"Ons volg nie tendense nie en hou nie van voorspelbaarheid nie. Elke afwerking is behoorlik deurgedink. Louis is 'n denker wat dae kan tob oor 'n ding; ek dink en besluit vinnig en intuïtief, en so vul ons mekaar aan," sê Marian. "Vir die opknapprojek het ons spontaan in twee spanne verdeel: Tekstiele en teëls het ek hanteer; argitektuur, afwerkings en kuns was Louis." Die huis praat hulle taal, die ruimtes werk en die katte is, soos hulle, gelukkiger as ooit. >>

VERFKLEUR

Dulux
Sublime Solar

Die staalkaste was 'n platsak-plan. Die res van die kombuis-kaste is van mariene laaghout. "Ons hou tot elke prys by natuurlike materiale omdat dit met grasie oud word." Die Gaggenau-toestelle is Marketplace-kopies, en die opening vir die installasie is deur Eric's Welding gesny. KitKat Amarillo Liso Matt-muurteëls van Stiles; staalkaste van Boss Catering

VERFKLEUR

Dulux
Exotic Mandarin

Ek dink ons
het al twee
'n opgekropte
uitbarsting van
uitbundigheid
gehad met die
dekor! – Louis





Marian het die wolmat nege jaar gelede laat maak en die kleure self gekies. Die Diane Petry-skildery op gaas en linne was perfek vir die vertrek. "Ons koop kuns waarvan ons hou en wat ons horisonne verbreed," vertel Louis. Die ikoniese Eileen Gray-tafels was 'n veilingkopie en lank op sy wenslys.

Wolmat deur Rugalia; deken van Mungo; geel Andreas Engesvik Blom-lamp van Arora Lights; blou vaas en oranje bakkie van Pep Home





“Ek wonder soms of ek te wild is met patrone...” sê Marian oor die buitekamer langs die boonste stoep. “Die gordyne uit ’n welsynwinkel sou tydelik hier hang, maar toe is my oorskietlap nommerpas om dit langer te maak, en toe lap ek sommer die gate ook.”

Timber Town Knysna-bed van Takealot; tafeltjie van Mr Price Home; gordynstroke van Scandi Candy Large-stoffeerlap van Skinny laMinx; deken van India Ink; mat van Pep Home; kussing van Mungo

Die agtertuin het die gastekamer se groen palet geïnspireer. Die deken was 'n markkopies en die gordyne het saam met die huis gekom. Die kopstuk en Ikea-hoederak is tweedehandse kopies.



Tafeltjie van Mr Price Home;
canolaveld-skildery deur Madeleine van Manen;
Doom-kunswerk deur Eve de Jong

VERFKLEUR

Dulux
Exotic Mandarin



Die ou braaiplek is behou omdat hulle “gaar gedink was aan planne”. Louis, met sy voorliefde vir Japannese kos, kook graag in 'n wok op die oop vuur.

Al Fresco Magnifique-pizza-oond van Metelerkamps



Marian het die swemteëls al voor die opknapprojek by die keramiekkunstenaar Kendal Warren bestel.

Kas van Holly Wood Design Studio;
aansteekbord van Rack and Roll;
Wynn Bleu-teëls van Italtile;
masker van Fancy That Design Studio





Die boonste stoep se koel blou palet sluit aan by die afwerkings op die boonste verdieping binne. "Dit word deel van die rustigheid van die strandmeer na regs en die bostuin na links," verduidelik Marian. Die wit meubels was deel van die huisinhoud. Luzia-vloerteëls van Italtile; voëlhuises van Babylonstoren



Die trapruimte is 'n meter uitgebou sodat dit 'n behoorlike trapportaal en 'n uitsig op die boomryke agtertuin het.



Die voorstoep kry heerlike oggendson. “Dis ’n plek vir ontbyt, middagete en skemerdrankies,” sê Marian. “Bo die latte-afdak het ons ou dak-plate verwyder en ek praat mooi met die bougainvillea om dit toe te groei.”

Konstruksiewerk deur iBuild;
verfwerk deur Damproof SA



VERSKAFFERS EN KONTAKTE A Love Supreme alovesupreme.co.za Arora Lights aroralights.co.za Babylonstoren shop.babylonstoren.com Boss Catering boss cateringequipment.co.za Chair Crazy chaircrazy.co.za Damproof SA 076 054 6266 Decobella decobella.co.za Douglas Jones Tiles douglasjones.co.za Dulux dulux.co.za Eric's Welding 072 820 3749 Eve de Jong instagram.com/eve.de.jong Fancy That Design Studio instagram.com/fancy.that.design.studio Havenga Kaste 082 457 7156 Holly Wood Design Studio hollywooddesignstudio.com iBuild (Pierre Opperman) 082 454 1774 India Ink indiaink.co.za Italtile italtile.co.za Kendal Warren Ceramics instagram.com/kendalwarren Madeleine van Manen instagram.com/madeleinevanmanen Mazista mazista.co.za Metelerkamp's metelerkamp's.co.za Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Pep Home pepstores.com Popstrukt popstrukt.com Rack and Roll rackandroll.co.za Retail Design Solution info@retaildesignsolution.co.za rackandroll.co.za Roelie van Heerden instagram.com/roelievanheerden Rugalia rugalia.com Sixth Floor by Superbalist superbalist.com Skinny Laminx skinnylaminx.com Stiles stiles.co.za Superbalist superbalist.com Takealot takealot.com The Lamp Workshop facebook.com/TheLampWorkshop1 Wehrner Lemmer instagram.com/wehrnerlemmer Yvonne Luiters Upholstery 082 697 2462

Leefareas

Omskep jou leefarea tot die beste multifunksionele plek vir kuier en ontspan.

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel



OOPPLAN

Die kombuis, eetarea en sitkamer voel nie stampvol en beknopt nie, danksy 'n goeie vloei tussen die verskillende areas in die oopplanruimte.

Eetkamerstoele en -tafel van James Mudge Furniture Studio; groot houtsneekunswerk teen die muur deur Daniëlla Mooney vir Warren Editions

1 Die ideale TV-muur

Ons is mal daaroor as 'n plan uitwerk! In hierdie leefarea is sowel die kaggel as die TV die middelpunt van die fokusmuur – perfek gebalanseerd en sonder die televisie wat bo die kaggel gemonteer is (iets wat ons altyd afraai). Die groot ingeboude eenheid is deur die huiseienaar ontwerp en spog met oorgenoeg bêreplek in die laaie onder en uitstalplek op die boonste rak.

Die houtbekleding, wat elders in die huis herhaal word, gee 'n warm kontemporêre gevoel, terwyl die marmerblad nie net elegant en luuks is nie, maar ook dien as 'n duursame basis vir die kaggel. >>

Terracotta-teëls van Union Tiles; marmerblad van Cannata; houtpaneel deur Proline & Hardware; mat van Herringbone

TOPWENK

Terracotta-teëls wat op maat gesny is, maak 'n vars dekoratiewe stelling teen die skoorsteen. Dieselfde teël word regdeur die huis herhaal vir samehang.

ANKER JOU RUIMTE

Geen sitkamer is volledig sonder 'n mat nie. Hou by dieselfde kleur as die vloer as jy wil hê jou meubels en kuns moet die aandag trek.

OP DIE VLOER

'n Oorspronklike terrazzovloer wat in situ gegiet is, is 'n pragtige tasbare element en dit werk uitstekend saam met die terracotta-, marmer- en houtelemente in die ruimte – alles mooi beklemtoon deur die wit mure en wit plafon.



Bank van SofaCompany; bruin kantafels van poeierbedekte staal van Weylandts

Foto Greg Cox/Bureauux

2

LIG WAT INSTROOM

Danksy 'n aangrensende binnehof en argitektoniese elemente soos vensters onder die plafon en groot glasskuifdeure, word die sitkamer oorstroom deur natuurlike lig. Die geperforeerde staalskerms bied broodnodige skaduwee op warm somersdae en kan, soos die dubbelglas-skuifdeure, heeltemal wegskuif. >>

'N SPATSEL KLEUR

Skep fokuspunte in 'n neutrale ruimte.



Green Roman-stoel
R8 295, Sotran



Stapelbare kershousers
R89 elk, Iconomy



Metaalkantafel
(41 cm D) R349.99,
Mr Price Home



Skulpvaas (24 cm H)
R699, Poetry of Living



Punk-tafellamp R3 000,
Hertex Haus

Van die aanvanklike natproses tot die finale afronding – ons vertoonlokaal spog met 'n uitgebreide versameling topprodukte uit 'n keur van meer as 100 handelsmerke.

'n Vertoonlokaal met 'n persoonlike stempel

www.durbanvillesanitary.co.za



DURBANVILLE
sanitary & plumbing supplies cc



TOKAI
sanitary & plumbing supplies cc



SUNNINGDALE
sanitary & plumbing supplies cc

Durbanville - Tel: 021 975 1930 Eenheid 8 Cattle Baron-sentrum, Maraisstraat, Durbanville 7550

Tokai - Tel: 062 048 5989 Fabriek A, Eenheid 3 & 4, Honeywellweg 8, Tokai

Sunningdale - Tel: 087 997 1055 Building 1, Blok A, The Emporium h.v. Woodlands- & Sandownweg, Sunningdale



Foto's Christoph Hoffmann • Stilerings Amanda van Wyngaardt

VERF DIT SWART

'n Rou baksteenmuur wat swart geverf is, gee 'n kontemporêre gevoel aan 'n jong Johannesburgse gesin se sitkamer. 'n Leerbank staan ewe tuis voor die kaggel sonder om afbreuk te doen aan die fokusmuur, wat 'n gebalanseerde en treffende voorkoms skep.

Die alkoof beklee met hout is die perfekte plek vir 'n boekrak en bied uitstalplek vir kuns. Die glimlagplakkaat wys dat niks te ernstig in hierdie huis is nie! Twee ou "regeringstoele" is herbeklee vir 'n vars, mid-eeus-moderne voorkoms.

Bank van Incanda; kunswerk bo in alkoof deur Jens Clarholm; kunswerk links deur Morné Venter; kunswerk regs en glimlagkunswerk deur Brendon Erasmus

TOPWENK

Leer is 'n langlewe-materiaal, maar dit verg sorg. Gebruik minstens twee keer per jaar 'n leerroom van hoë gehalte om soepelheid te behou en krake te voorkom. Dit is ook raadsaam om jou rusbank teen direkte sonlig te beskerm aangesien UV-strale die leer kan verbleik en uitdroog.



In hul tuis kantoor skep 'n gemaklike bank en ontwerperstoel 'n elegante sitkamervooroms en -gevoel, terwyl akoestiese muurpaneel styl en funksionaliteit kombineer.

Zulu Mama-stoel van Haldane; akoestiese panele van okkerneuthout deur Thula Wall; gorillakunswerk deur Nicolene Louw

KENNERSRAAD

Kies die regte leer

Nie alle leer is dieselfde gehalte nie. Incanda verduidelik die verskille:

Volnerfleur Dit is leer van die hoogste gehalte wat "asemhaal" en pragtig verouder met die verloop van tyd. Dit behou natuurlike merke, wat jou rusbank karakter gee.

Top-nerfleur Dit is effens verwerk vir 'n meer eenvormige voorkoms en is steeds van hoë gehalte. Dit is gladder en bied verhoogde vlekweerstand.

Gekorrigeerde nerfleur Dié leer is behandel vir 'n meer konsekwente afwerking en geskuur en geëmbosseer om onvolmaakthede te verwyder. Dit het nie die diepte en karakter van volnerfleur nie.

Gebonde leer Dis gemaak van leerafval en sintetiese materiale en is minder duursaam, maar bied 'n begrotingsvriendelike alternatief.

KONTAK incanda.co.za

Moderne banke

KIES JOU STYL

Ebony Maya-2.5-sitplekbank R33 995, Block & Chisel



Panama-driesitplekbank R9 000, Mr Price Home




Gracelyn-driesitplekbank R17 999, Cielo



Cape Town-driesitplek-leerbank R23 500, Incanda



Paula-driesitplekbank in Moss Rust R27 999, sofacompany



Lira Luxe-driesitplekbank R17 800, Zorora Sofas



Carin-driesitplekbank R19 999, @home



Knus & warm

KIES IETS SAGS

Seasonal Bouquet-kussing R790, Babylonstoren



Thread Office Seafoam Rochele & Ivy Green-kunspelsdeken R999, Yuppiechef

Geborduurde strooikussing R449, Woolworths



Caramel Geo chenille-kussingsloop R399, Yuppiechef

Supersagte akrieldekens met tassels R380 elk, Room Service Homeware



Mr B Stone- geborduurde kussing R1 195, Evolution Product >>



4 Sofistikasie en eenvoud

Die interieurontwerpers Mark en Michele Metior van MM Design in Ballito het die Japannese filosofie van wabi-sabi ingespan toe hulle hul nuwe huis in Pringlebaai in die Wes-Kaap gebou het. Met wabi-sabi word die skoonheid van onvolmaaktheid, verganklikheid en eenvoud omarm.

“Ek hou daarvan dat ons huis ’n unieke gevoel van gemak en gerief het,” sê Michele. “Ons groot versameling skatte en kunswerke – wat skulpe, klippe en ’n fotocollage van ons reise deur Afrika insluit – voeg tekstuur en kleur by.” >>

Deur en kantafels van Amatuli Artefacts; Milan-sofa en sweefrakke van MM Design; mat van Hertex Haus; koffietafel en lampskerms van Weylandts; strooikussings van Evolution Product en Isobel Sippel; verskeie klein items van Atelier Fifty6

Rottang, gladde leer en snoesige skaapvel, mandjiewerk, ontblote beligting en binneplante dra alles by om ryk tekstuur te skep.

DIE KLEURE

Die palet bestaan uit tydlose neutrale kleure: wit, kakie en terracotta. Die eetkamertafel is van kaaat en die sweefrakke en sitkamerstoeltjies van eikehout is afgewerk met Rubio Monocoat Cotton White.

DIE TEKSTURE

“Die mure is ongepleister en wit gevef, met die plafon bo die eetkamertafel oopgehou om daardie rou, eenvoudige voorkoms te skep,” verduidelik Michele. “Die vloer is afgevlak in ’n sanderige kleur, terwyl die plafon bestaan uit tong-en-groef-panele wat wit gevef is met blootgestelde houtbalke om die gevoel van eenvoud te versterk.”

DIE VENSTERS

Die sitkamervenster, wat meer as 3 m hoog is, spog met gevoerde gordyne van ru-linne wat aan ’n kronkelende spoor hang en elegant op die vloer drapeer. “Dit bied privaatheid, demp klank en skep ’n knus kokon op koue aande,” sê Michele.



FOKUSMUUR

'n Eenvoudige idee soos om 'n wit boog op 'n groen muur te verf, skep 'n treffende fokuspunt. Die boog trek die oog na die kunswerke en vestig ook die aandag op die skaal van die hoë plafonne. Die mure, ingeboude boekrakke en plafon is "kleurdeurdrenk" in dieselfde smaraggroen vir 'n dramatiese voorkoms. >>

Bank van Superbalist; koperkoffietafel van Weylandts

Foto Greg Cox/Bureaux

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

ONS GROOTSTE AVONTUUR KRY LEWE.

MAT- STEENVOORKOMS

Geglasuurde
Porseleinteëls

UITMUNTENDE GLASUURTEGNIEKE

en digitale grafika bereik
uiters lewensgetroue
leiklip-effekte, met 'n
syagtige tekstuur.

Dark

Grey

5X VOORKANTE

5-individuele grafiese
voorstellings van
natuurlike leiklip.

MUUR & VLOER

GLYBESTAND

R10-gegradeerde teëls
bied 'n balans tussen
veiligheid en maklike
skoonmaak.

Kan buite en op
patio-areas gebruik
word.

Cream

White

GROOT FORMAAT

750x1500mm

Skandeer om die volle
ervaring te kry.



GEREKTIFISEERDE RANDE

Skep presiese rande,
wat baie dun voeglyne
en 'n naatlose, moderne
voorkoms moontlik maak.

Die **Axis Stone-Look-reeks**

herskep die fassinerende skaaleffekte
van natuurlike leiklip: natuurlik en
aards, maar tog gesofistikeerd en sensueel.



VERVAARDIG IN SPANJE



Eksklusief by

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

Ons vertoonlokal is 7 dae per week oop.

AANLYN WINKEL 010 271 2272



italtile



italtilesa



italtilesa



italtile

6

Leefbo

In dié klein dubbelverdieping-woonstel is die sitkamer bo 'n knus bymekaarkomplek, kompleet met 'n ingeboude kaggel en tuiskantoor – en die kombuis aan die linkerkant. “Met die slaapkamers op die grondvloer werk ons huis goed vir ons en ons twee klein kindertjies,” sê die huiseienaars, albei argitekte. Die kaggel is hul gunsteling-element in die sitkamer. “Dit is so 'n eenvoudige ontwerp, maar dit is baie mooi.”>>

TUISKANTOOR

Die lessenaar kan maklik 'n skootrekenaar akkommodeer, en 'n smal laai dien ook as 'n uittrekbare werkblad. Die rakke hierbo word gebruik om noukeurig uitge-soekte kosbaarhede, foto's, vakansieonthougoed, mas-kers en plante uit te stal. Dit word afgewissel met mooi boeke en kleurvolle tydskrifte. “Ons kan eindeloos na ons rakke staar en opnuut op reis geneem word.”



SWEEFRASSE

Ná lang gesprekke oor hoe hulle hul bēreplek kan optimaliseer sonder dat dit te opvallend raak, het die twee besluit op sweefrakke en 'n kassie wat verder as die skoorsteenmuur uitsteek. Die rakke is lekker diep en die kassie het plek vir die musiekstelsel en ook plek om die kables en drade te verberg.




DIE MEUBELS

Die meubels is 'n aanduiding van die eienaars se ontwerpstyl – hulle hou daarvan om 'n moderne en handwerk-estetika te kombineer. 'n Elektries-blou kantoorstoel maak 'n sterk stelling, perfek in pas met hul affiniteit vir kleur. “Ons hou daarvan om houtwerk te ontwerp wat speel met soliditeit én leegheid. En ons stal graag boeke en voorwerpe uit – die items waarvan ons nie noodwendig hou nie, maar tog nodig het, steek ons weg.”

TOPWENK

'n Leer- of materiaal-ottoman is 'n stylvolle alternatief vir die klassieke koffietafel. Dit versag 'n ruimte, bied ekstra sitplek en is 'n veiliger, meer kindervriendelike opsie. Sit 'n skinkbord hierop as jy 'n stewige oppervlak nodig het vir drankies of dekor.

Die kinders speel graag wegkruipertjie en hul *hul beste wegkruipplek* is onder die sweefrakke!



KENNERSRAAD

Koffietafel-trends

Die kenners van Cielo sê wat jy moet weet as jy 'n koffietafel koop:

Vorm Gekurfde of onreëlmatige silhoeëtte is gewild met ovaal, ronde en klipvormige tafels wat die kollig steel. Dit versag die voorkoms van 'n leefruimte en is ideaal vir huise met kinders aangesien dit nie skerp kante en hoeke het nie.

Grootte 'n Goeie reël is dat jou koffietafel ongeveer twee derdes van die lengte van jou bank moet wees en ewe hoog as die sitkussings moet wees. Dit hou die tafel funksioneel en in proporsie met jou sitarea.

Multifunksioneel Koffietafels met pakplek of nestafeltjies is tans gewild en kombineer vorm en funksie. Soek tafels met versteekte rakkies of 'n blad wat soos 'n deksel oopmaak.

Materiaal Rou hout, terrazzo, geriffelde afwerkings en gemengde media (hout en metaal of glas en klip) is gewild. Dit gee diepte en persoonlikheid aan jou ruimte.

Bykomstighede 'n Koffietafel is meer as net 'n oppervlak – gebruik dit as 'n sentrale uitstalplek. Rangskik boeke, skinkborde, kerse en keramiekware om 'n doelbewus ingeleefde voorkoms te skep wat jou sitkamer saambind.

KONTAK cielo.co.za



Wys jou kuns

Die sitkamer – dikwels die grootste vertrek in 'n huis – bied die beste geleentheid om 'n galerymuur te skep, in teenstelling met die gebruik van net een of twee kunswerke wat op hul eie hang. Die interieur-ontwerper en eienaar van Establishment, Dawid Augustyn (sien sy huis op bladsy 18), het die huiseienaar bygestaan met die opknapping, en moes 'n groot versameling kunswerke in die interieurontwerp akkommodeer. Hoewel hy oor die algemeen probeer wegbreek van galerymure, werk dit hier. “Ek het begin met 'n fokusmuur in die leefarea en werke op verskillende hoogtes gehang, ook dié wat lyk of hulle nie bymekaar pas nie. Dit is deur van die nuutste name op die kunsteneel, onder wie Mia Darling en Katrine Claassens – en dit het alles mooi bymekaar gekom,” verduidelik Dawid. >>

KOM GERUS BINNE

Die mure en plafon in die ingangsportaal is in 'n diep rooskleur geverf, wat dit 'n vinnige en maklike, maar dramatiese voorkoms gee. Dambord-teëls komplementeer die historiese huis.

Staalkabinet van Jacobs Collection

Oorspronklike Miniforms Ozz-lamp van Establishment



Die meubels is eklekties en wissel van funksionele stukke soos 'n staalkas en pienk marmerkoffietafel tot vintage-chroomstoele – wat almal 'n inspirerende en gemaklike ruimte skep.

8 Maak oop!

Die kombuis in hierdie Johannesburgse huis uit die 1930's het beknop gevoel, daarom het die huiseienaars besluit om dit op te knap en 'n groot oopplanruimte te skep wat die hele gesin kan geniet. Die kombuis vloei nou na die eetkamer en 'n TV-sitkamer met 'n gesellige smeulstofie. "Ons het die kookplaat en stoof op die sentrale eiland

oorkant die etenstafel geplaas om sosialisering aan te moedig terwyl ons kook," sê een van die huiseienaars, 'n interieurontwerper.

"Om die sjarme van die huis te behou, het ek Shaker-styl-kaste met koperhandvatsels gekies en toe moderne items bygevoeg in die vorm van sweefrakke en muurlampe." Vensters aan twee kante en Franse deure na 'n binnehof oorstrom die ruimte met lig. >>

Muurgemonteerde ligte
van Weylandts



EKSTRA PAKPLEK

Om te vergoed vir die verlies aan bêreplek toe 'n muur verwyder is, is 'n staalrak aan die agterkant van die eiland geplaas om mengbakke en oondbakke te bêre.

KUIERTYD

"Ons eet en kuier graag op ons stoep, wat oor die tuin uitkyk," sê die huiseienaars wat 'n rustieke baksteenmuur en 'n afdak gebruik het om dit 'n gemaklike, knus gevoel te gee wat hul huis aanvul. Die buitekroeg is bygevoeg sodat hulle altyd gereed is vir gaste en 'n plafonwaaier hou die ruimte koel op warm dae.



MATTE BUITE

Nadat hulle 'n paar ou Persiese matte geërf het waarvoor hulle nie plek gehad het nie, het die huiseienaars dit op die stoep gesit ter wille van kleur en gemak. Gelukkig het die matte bewys dat hulle bestand is teen reën en modderpote!

GERIEF EN STYL

Vir sitplek op hul stoep span die egpaar bypassende ysterdagbeddens in. Met matrasse en baie kussings is dit die beste kuierplek vir 'n uitgerekte ete. "Ons versameling nestafeltjies en boomstompe het oor die jare gegroei; ons gebruik dit as voetstutte, vir drankies en versnaperinge, en selfs vir rekenaars," sê hulle.

'n Misreënstelsel wat op die rand van die betonplafon gemonteer is, hou almal koel op warm somersdae, terwyl groot hanglampe 'n fokuspunt skep en saans 'n warm gloed gooi.

Stoele van
Leroy Merlin;
nestafeltjie
van Weylandts;
ysterbeddens van
Garden Bleu;
geweeftde hanglampe
van Mr Price Home

Subtiel en kalm

"Ek is nie aangetrokke tot kleur nie," sê die huiseienaar met verwysing na die sitkamer wat op die stoep uitloop (sien oorkant). "Ek verkies die subtiel skakerings en teksture van natuurlike materiale soos hout, kleedstowwe en selfs klippe wat ek tydens my reise optel. Hier is geen spesifieke styl nie; dit is eerder 'n viering van my passie vir die oue, die mooi en die ongewone. Ek hou daarvan om boeke, geërfde meubels soos die antieke konsoletafel en dinge wat my aandag getrek het, uit te stal." 🏠

VOURWARM

'n Oop kaggel was 'n oorspronklike element in die huis. Toe die eienaars dit te rokerig vind, het hulle besluit om 'n smeulstofie in die opening te installeer – en dit maak nou die hele huis warm.

Morsø-smeulstofie van SA Premier Fires; sisalmat van Mavromac & Gatehouse

RAKKE VIR MOOIGOED

Die simmetriese boekrakke is deel van die oorspronklike huis en word gebruik vir die uitstal van boeke, keramiekware en gekerfde houtstukke wat deur die jare versamel is. Die uitstallings word verander volgens die seisoene.



OP GRONDVLAK


Die huis het pragtige blokkiesvloere wat gereeld gepoleer word.

'n Sisalmat skep tekstuurkontras teen die donker vloer.

KONTAKTE EN VERSKAFFERS @home bash.co.za Amatuli Artefacts amatuli.co.za Babylonstoren shop.babylonstoren.com Block & Chisel blockandchisel.co.za
Brendon Erasmus instagram.com/badtastearmist Cannata cannatagranite.co.za Cielo cielo.co.za Daniella Mooney instagram.com/daniellamooney
Establishment establishment.co.za Evolution Product evolutionproduct.co.za Garden Bleu gardenbleu.co.za Haldane Martin haldane.co.za
Herringbone herringbone.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Iconomy iconomyonline.com Incanda incanda.co.za Isobel Sippel isobelsippel.com
Jacobs Collection jacobscollection.co.za James Mudge Furniture Studio jamesmudge.com Jens Clarholm jenslabs.com Katrine Claassens katrineclaassens.com
Leroy Merlin leroymerlin.co.za Mavromac & Gatehouse mavromacandthegatehouse.co.za Mia Darling instagram.com/babycatmia MM Design mmdesigns.co.za
Morné Venter instagram.com/velvetventer Mr Price Home mrphome.com Nicolene Louw nicolenelouw.co.za Poetry of Living poetrystores.co.za
Proline & Hardware 021 557 8796 Room Service Homeware roomservicehomeware.co.za SA Premier Fires sapremierfires.co.za SofaCompany sofacompany.co.za
Sotran sotran.co.za Superbalist superbalist.com Thula Wall thulawall.co.za Union Tiles uniontiles.co.za Warren Editions warreneditions.com
Weylandts weylandts.co.za Woolworths woolworths.co.za Yuppiechef yuppiechef.com Zorora Sofas zororasofas.co.za



Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel



Vra die kenners

Stuur jou vrae na kenners@tuis.co.za

Het jy hulp nodig met die
ontwerp van 'n fokusmuur of
die ideale beligting vir jou huis?
Vra net – ons kry die antwoorde.





Stilis se wenke



Die hooftfokus

Baie kan met 'n fokusmuur bereik word, byvoorbeeld om 'n vertrek te verlewendig of om visuele plesier te verskaf. Dit is die ideale plek om kreatief te raak met kleur en tekstuur – en om pret te hê! Eintlik behoort elke vertrek 'n mooi fokuspunt te hê wat 'n stylstelling maak. Ons kreatiewe redakteur, Marian van Wyk, deel haar wenke hoe om 'n aandagtrekker te skep:

Plakpapier bly gewild en gee soveel persoonlikheid aan 'n vertrek. Jy kan jou eie laat druk (probeer smartart.co.za of artlab.co.za) of bestel dit by 'n materiaalverskaffer of onafhanklike ontwerper soos Cara Saven Wall Design (carasaven.com). As jy nie baie handig is nie, bestel liefs by 'n verskaffer wat die installering vir jou kan doen of iemand kan aanbeveel.

Muurpaneel dra iets klassieks by, of dit van vloer tot plafon aangebring word of net twee derdes van die muur soos in Ronelle en Vince Muir se huis ([links](#)). Houtstroke is vryelik beskikbaar en kan bloot vasgegom word met Alcolin Sticks Like Sh*t – 'n eenvoudige, bekostigbare selfdoenprojek.

Teëls wat van vloer tot plafon gelê word, skep 'n baie treffende aksentmuur. In die ontwerper Gill Alderman se badkamer ([links bo](#)) gee dit 'n weelderige gevoel. 'n Muur met 'n kaggel is 'n logiese keuse vir 'n fokusmuur. In Heidi en Doug Cuppleditch se huis word argitektoniese detail beklemtoon deur 'n paneel van patroonteëls wat tesame met die ongepleisterde baksteenmuur 'n pragtige tekstuurrike fokuspunt ([regs bo](#)) word.

Verf is steeds ons beste vriend wanneer dit kom by vinnige oplossings en kitsbevestiging. Skaal en verskillende lae bly belangrik, so skep drama soos die kunstenaar Craig Olckers gemaak het in dié stylvolle gastekamer ([regs](#)). Hier gee plafonpanele van Pudlo (pudlo.co.za) dieselfde effek as tekstuurrike plakpapier. >>





Ontmoet die ontwerpers



Guy en Ploy

'n Helder lig

Hoi P'loy is in 2013 deur Ploy Phromnam en Guy van der Walt gestig. Die twee het saamgespan om die standaard te lig van die ontwerp van lampe en beligtingskomponente wat in Suid-Afrika beskikbaar is. Hulle was gefrustreerd oor die sêding dat dinge "net nie meer gemaak word soos in die oudae nie". Hul uitdaging was dus om substansie en gehalte te laat herleef as ononderhandelbare produksiewaardes.

Mettertyd het die handelsmerk die voorkeurkeuse geword van oordeelkundige kopers van funksionele topgehalte-beligting. 'n Hand vol komponente word ingevoer, maar die meeste van hul produkte word in Suid-Afrika vervaardig.

PLOY EN GUY SE TOPWENKE

- **Warm wit** beligting is jou beste vriend! Enigiets van 2 000 tot 3 500 kelvin skep 'n verwelkomende atmosfeer wat ideaal is vir leefvertrekke. Vermy koel wit beligting of enigiets bo 3 500 K, want dié lig is skerp en herinner aan 'n hospitaal.
- **Meng dit** Die mees atmosferiese ruimtes word geskep deur 'n verskeidenheid ligsoorte en kleurtemperature. Ons vind dikwels dat wanneer dit kom by die gebruik van 'n hele aantal ligbronne en -soorte, 'n kombinasie groter impak het as individuele items.
- Gebruik jou tyd om te besin oor **watter vertrekke** die meeste sal

baat by **watter soort beligting**. 'n Kollig oor 'n lessenaar, byvoorbeeld, of 'n kombuiswerkvak is baie nuttig, terwyl sagte beligting in slaapkamers en sitkamers mense soontoe lok.

- Oorweeg **versteekte ligbronne** wat nie so skerp skyn nie. Versonke plafonligte is meer subtiel as muurgemonteerde ligte wat 'n mens se oog vang uit enige hoek van 'n vertrek.
- Ondersoek opsies vir minder permanente beligting as jy jou blyplek **huur** of as jy wil byhou met trends. As jy 'n hanglig kies wat by die muur ingepronk word en aan 'n haak hang, kan jy dit saamvat wanneer jy trek. Dit stel jou ook in staat om jou beligting te verander so gereeld as wat jy wil.
- Koop indien moontlik by verskaffers wat **plaaslik vervaardig**. Een van die voordele is pasgemaakte items ongeag die hoeveelheid. Dit beteken jy kan dikwels beligting laat aanpas by jou unieke styl, die kleurskema van jou interieur of uitsonderlike kenmerke soos 'n baie hoë plafon.
- Toe ons begin het, was **gloeilampe met sigbare gloeidraadjies** hoogmode. Daar is deesdae steeds plek vir hulle, maar kontemporêre trends neig na die minimalistiese, subtiel gevoel van 'n mat opaalkleurige of ysglas-gloeilamp wat die gloeidraadjies verberg en nie so besig lyk nie.

KONTAK hoiploy.com

REVEGO

Vou deur sisteme vir multifunksionele ruimtes



Skandeer!

Die unieke vou sisteem met volledig geïntegreerde tegnologie laat jou toe om ruimtes oop te maak wanneer jy dit nodig het en weer te verberg wanneer dit nie in gebruik is nie. Ongeag of dit 'n enkel- of dubbeldeur-toepassing is, die volle oorlegfronthe verdwyn in 'n toegewyde smal kabinet, die vou deur berging kabinet.

Spesifiseer Blum-toebehore wanneer jy jou kaste ontwerp.

087 352 4232

enquiries.bza@blum.com

blum.com



Ervaar "Living with Blum"
van ons ontwerpkompetisie
-wenners op ons vertoon area
by DECOREX.

Kaapstad: 5 - 8 Junie 2025
Johannesburg: 24 - 27 Julie 2025



blum

Vinnige vrae



V: Waar kan ek 'n stortstoel kry soos die een op bladsy 56 van jul Desember 2024 | Januarie 2025-uitgawe?

– **Jeannie Wasserman Cook**

A: Ons het onlangs een gemaak van Corian by Euro Trend (eurotrend.co.za) gesien.



V: Ek is mal oor die pienk vaas op bladsy 85 van die Maart | April 2025-uitgawe; waar kom dit vandaan? – **Elmarie Reinke**

A: Dit is gemaak deur 'n India Ink-personeelid, maar sy verkoop nie haar handwerk nie. Jy kan soortgelyke style soek by Rialheim (rialheim.co.za), MØN (monexteriors.com), Poetry (poetrystores.co.za) of Babylonstoren (shop.babylonstoren.com).



V: Waar kan ek die deken en kussings koop op bladsy 11 in die Desember 2024 | Januarie 2025-uitgawe? – **Elize Swanepoel**

A: India Ink (indiaink.co.za) hou 'n verskeidenheid kantha-dekens en -kussings met soortgelyke ontwerpe aan – bekijk gerus hul nuwe vintage-reeks.

Foto Elsa Young/Frank Features

76 tuis Junie | Julie 2025



V: Ek wil graag keramiekvase koop soos dié op die boonste rak op bladsy 26 van jul Maart | April 2025-uitgawe; enige voorstelle? – **Liesl de Candia**

A: Die huiseienaar het dit by Poetry gekoop, maar hulle hou dit nie meer aan nie. Gaan kyk by Coricraft (coricraft.co.za), La Grange Interiors (lagrangeinteriors.co.za) of Hertex Haus (hertexhaus.co.za) vir soortgelykes.

Hoeveel geld moet jy uitgee op jou nuwe kombuis?



Vir al jou eiendomsverwante vrae,
Vra RE/MAX®



THE AGENT
YOU WANT

remax.co.za/blog

AL DIE AKSIE!



Ons tweede Tuis | Home **Home Sharing**-konferensie, aangebied in vennootskap met Mr Price Home, was 'n dawerende sukses – regtig 'n dag van leer, netwerk en pret!



Tuis se redakteur, Wicus Pretorius, was die gasheer.



Kerry Strauss (links) en Nirvana Doodla (regs) van Mr Price Home poseer saam met die sosiale-media-ster Suzelle DIY, wat die konferensiegangers getrekteer het op 'n paar slim selfdoen-planne.



Erica Minaar, 'n leser van Kaapstad, woon gereeld Tuis | Home-geleenthede by en het seker gemaak sy loop nie ons tweede Home Sharing-konferensie mis nie.



Dekor maak 'n reuse-verskil, sê die paneellede San-Marié Vogel (binneversierder), Mel Kriel (Airbnb Superhost), Kerry Strauss (bemarkingsdirekteur van Mr Price Home) en Marian van Wyk (Tuis se kreatiewe redakteur).



Dis nie so moeilik as wat jy dalk dink om jou eiendom te bestuur nie, sê die paneellede Mel Kriel (Airbnb Superhost), Chregan O'Flynn (Propr), Theunis Smal (Santam) en Jayson Sprawson (RE/MAX Living).



Persoonlike sessies met kenners soos Jayson Sprawson van RE/MAX Living het die dag afgesluit – 'n geleentheid om belangrike vrae te vra!



Chregan O'Flynn (links) het ook die SA korttermyn-verhursingsvereniging (SASTRA) verteenwoordig. Hy het sy ryk kennis en ervaring as verhursingsentrepreneur gedeel.



Die fotograaf Linley Meavers het 'n meesterklas in fotografie aangebied.

HET JY DIE KONFERENSIE MISGELOOP OF GESUKKEL OM 'N KAARTJIE TE KRY? Stuur 'n e-pos aan redakteur@tuis.co.za om jou naam op die waglys te sit vir ons volgende geleentheid.

RE/MAX

VERKEN EINDELOSE MOONTLIKHEDE IN DIE MEDIA24 WINKEL!




JOU EENSTOPWINKEL VIR BOEKE, RAAISLS, TYDSKRIFTE EN MEER!

Van boeiende leesstof en prettige raaisels tot reisgidse en resepteboeke, ons het iets vir almal. Of jy jou volgende avontuur wil beplan, watertand-disse voorberei, of met jou gunstelingtydskrifte ontspan, jy sal dit alles op een plek kry.

HOEKOM BY ONS KOOP?

- 1 'n Wye verskeidenheid van die **top-tydskrifte in SA**
- 2 Eksklusiewe aanlyn **afslag**
- 3 **GRATIS aflewering** met die kode **#Bargain24**



SHOP \ MEDIA24

#BARGAIN24

BESOEK MEDIA24SHOP.COM



Teken in op ons **aanlyn meesterklasreeks** en kry al die tegnieke wat jou met krytverf sal laat toor, onder die knie.



STAP VIR STAP *met* KRYTVERF

DIE AANBIEDERS



Wicus Pretorius,
Tuis-redakteur



Dale Niehaus,
Chisel & Chalk

10 **aanlyn meesterklasse**, elk met 'n winkellysie en aantekeninge wat jy byderhand kan hou wanneer jy self begin verf, is wat jy kry as jy vir dié videoreeks inskryf. Kyk dit in die gerief van jou eie huis, en raak kreatief!



Die episodes

1 Oppervlakke Hout, metaal, materiaal, plastiek – alles wat jy moet weet voor jy jou kwas optel.

2 Seëlaars Leer die verskil tussen Tjoko Paint Clear Glaze en Antique Brown Glaze, Annie Sloan se reeks waksprodukte en meer.

3 Skep tekstuur Bring detail in met sierstukke (“embellishments”); leer wat jy alles met die verskillende soorte kan doen.

4 Oordragprente Van découpage tot “waterslide transfers” – bemeester dié tegniek en maak kunswerke!

5 Stensils Skep patrone, reliëf en tekstuur met stensils van verskillende groottes.

6 Veroudering Gee enige meubelstuk meer karakter met 'n verskeidenheid verouderingstegnieke – als met krytverf.

7 Regrukprojek: Melamien

Jy hoef nie jou ou melamienkaste en -blaaie ten duurste te vervang nie. Krytverf is jou oplossing. Ons gasaanbieder Hanlie Bonafede van Urban Chalk wys jou hoe.

8 Regrukprojek: Laaikas met frottage- en kleurwastegniek

Die gasaanbieder Nan Day van Simply French versier 'n ou laaikas met 'n vryftegniek (“frottage”) en daarna rond sy die houtblad af met 'n kleurwastegniek.

9 Regrukprojek: Liasseerkabinet

Die gasaanbieder Trish Shaw van Dusty Drawers maak 'n ou staalkabinet mooi met verskillende tegnieke op sy vier laaivoorkante.

10 Regrukprojek: Franse flair vir 'n ou bedkassie

Om 'n bedkassie meer romanties te laat lyk, is so maklik soos 1, 2, 3! Die gasaanbieder Joe Strydom van Trouvé wys jou hoe.

Teken nou in en raak kreatief!

Kyk die reeks meesterklasse in **chronologiese volgorde**, of begin met die episode wat jou oog vang – die uiteensetting van elke episode se inhoud verskyn hiernaas. Saam met die meesterklasreeks kry jy ook toegang tot die **volledige biblioteek van krytverfprojekte** wat oor die jare heen in *Tuis* verskyn het. Waarvoor wag jy?

**Kry al 10 episodes by
stapvirstap.tuis.co.za
– teen net R499!**



Tuin-dagboek

Saamgestel deur Gillian Eva • Foto's verskaf



PLANTBESKERMING

In streke wat ryp kry, veral Gauteng, die Vrystaat en dele van die Noord-Kaap, is dit belangrik om delikate plante te beskerm. Gebruik ryplap, goingsakke of ou lakens om sulke plante, byvoorbeeld jong rose en sitrusbome, op koue nagte (en dae) te beskerm. Skuif plante in potte na beskutte plekke of teen 'n noordfront-muur vir bietjie hitte.



Tuinmaak in die winter verskil baie van streek tot streek in Suid-Afrika, daarom is dit belangrik om jou tuintake aan te pas by jou omgewing. Terwyl sommige dele in die winter reën kry, is dit op ander plekke droog en kom ryp voor, wat natuurlik 'n heel ander benadering verg. Hier is wenke om jou tuin gelukkig te hou in die kouer maande ongeag waar jy woon.

Winterreën

Die Wes-Kaap, die kusgebiede van die Noord-Kaap en die suidelike kusgebied van die Oos-Kaap kry hul meeste reën in die winter. Dit het sy uitdagings. Volg dié wenke:

Wortelvrot Aanhoudende nat weer kan wortelvrot veroorsaak by plante wat in grond groei wat swak dreineer. Verbeter die dreinerings met organiese materiaal of plant in verhoogde beddings.

Stukkende strukture Die winterreën kan probleme in die tuin vererger, soos gekraakte paadjies, trappe en mure.

Doen herstelwerk, veral teen hellings waar erosie kan vererger.

Grasperke Sekere swamsiektes floreer in nat, humiede toestande. Kolle bruin gras, dooie gras en min groei kan dui op dollar-vlek, bruin kolle en swartbrand (antraknose). Help jou grasperk gesond bly:

- Gee deurdrenkte grond lug.
- Moenie die gras te kort sny nie.
- Gee 'n stadig vrystellende misstof om die gras 'n hupstoot te gee.
- Gebruik 'n swamdoder net op die geaffekteerde dele – vra raad by jou tuinsentrum se kenners.





Foto Getty Images/Fotokostic

Mal oor
vetplante!



Snoei rose

Snoei netjies

Die winter is snoeiseisoen en goeie voorbereiding is koning. Slyn jou snoeiskêr, saag en takknipper – 'n skoon snit sal keer dat 'n plant beskadig word.

Krismisrose In rypvrye gebiede kan stingels wat die vorige seisoen gedra het, afgeknip word. (Maak gerus steggies van hulle.) In rypgebiede moet die dooie blomknoppe gelos word tot einde Augustus om nuwe knoppies wat kan verskyn, te beskerm.

Vrugtebome Appel-, peer-, perske-, nektarien- en appelkoosbome moet in die winter gesnoei word. Verwyder dooie of siek hout en vorm bome vir goeie lugvloei.

Rose Verwyder ou takke en seël snoeiwonde teen peste en siektes soos witroes en myte (*lees Ludwig Taschner se wenke op bl. 86*).

Cymbidium-orgideë Knip dooie blomstiele af om gesonde groei te bevorder wanneer dit weer lente is.



Krismisrose



Cymbidium-orgidee

TAWWE KOEKIE

Blouharpuis (*Curio ficoides* syn. *Senecio ficoides*) verdien regtig 'n plek in jou tuin!

Die attraksie Dié geharde inheemse vetplant wat min onderhoud verg, is 'n spreierende struik met pragtige blougroen blare. Van die herfs tot die winter dra dit onopvallende blommetjies op die punte van stingels wat bo die blare uitsteek.

Kweekwenke Plant blouharpuis in grond wat goed dreineer, verkieslik sanderig of gruisagtig. Dit gedy in volson tot ligte skadu en vaar die beste in droë, warm tuine. Moenie te veel water gee nie – nat voete kan lei tot wortelvrot. Die plant kan ryp deurstaan en groei ook goed in kustuine.

In die tuin Gebruik die plant as grondbedekker, in rotstuine of langs paadjies. Sy blou skakerings kontrasteer pragtig met groen loof of helderkleurige blomme, wat dit 'n veelsydige landskap-staatmaker maak. Dit lyk ook te mooi in potte of waar dit oor mure hang.

Pespatrollie Dié vetplant is gewoonlik pesvry, maar kan soms deur witluis gepla word. 'n Vinnige spuitjie neem-olie sal die probleem oplos.

Pretfeit Die blougroen kleur van die blare help om skerp son te reflekteer en beskerm so die plant teen uiterste hitte, terwyl die poeier op die blare soos sonskerm werk.

Het jy geweet? *Curio ficoides* is vuurbestand, wat dit 'n ideale keuse maak vir tuine waar brande kan voorkom! >>



'n Eenvoudige toringstellasie van stokke is perfek vir ertjies.



Obeliske is 'n aantreklike fokuspunt in die tuin en ideaal vir rankers.



Bou jou ertjestellasie in volson.

Kweek jou eie

SMAAKLIKE RANKERS

Ertjies is 'n wonderlike toevoeging tot jou kombuis-tuin. Behalwe dat hulle heerlik is, is hulle propvol antioksidante en anti-inflammatoriese voedingsstowwe soos vitamien C en E en sink. Ertjies is 'n koel-seisoengroente wat in die lente geoes word. Dit kan in 'n kweekhuis gesaai word en dan buite uitgeplant word wanneer die grond warmer is.

Sorg dat hulle soveel lenteson as moontlik kry deur hulle teen 'n stellisie soos 'n obelisk of ander latwerk van jou keuse te laat oprank. Dis prakties én maak hulle 'n fokuspunt in die groentetuin. Jou klimstruktuur kan gemaak word van bamboes, houtpale of selfs 'n paar takke wat saamgebind word.

- Kies 'n plek wat baie son kry en maak seker dat jy jou saailinge aan die ooste-, weste en noordekant kan plant sodat hulle oggend-, middag of volson kry.
- Sorg dat die paaltjies stewig in die grond geplant is en bind die bokante saam (as dit die struktuur is wat jy verkies). Weef tou tussen die stutpale waarteen die plante kan oprank.
- Plant twee ertjieplantjies by die basis van elke paaltjie (een kan later uitgedun word indien nodig), met kappertjies tussenin wat ook kan opklouter.
- Hegranksies, wat hulself van nature om stutte krul op pad boontoe, kan afgekny word sodra die plante tot bo gegroei het sodat die plant nie aanhou rank en slordig word nie.

SAAI DIT NOU

Somerreëvalstreke (nie te veel ryp nie)


Blaarbeet (*Swiss chard*), blaarslaai, ertjie, raap, radys, witwortel.

Winterreëvalstreke Beet, ertjie, raap, radys, seldery, tamatie.

Subtropiese reëvalstreke Blaarbeet, boontjie (bos en rank), beet, eivrug, ertjie, komkommer, kool, raap, radys, pampoen (alle soorte), spanspek, spinasie, tamatie, wortel.

Wenke vir sukses

- Dis die beste om plantjies binne te laat ontkiem in Julie en dan die saailinge uit te plant wanneer die dae langer en warmer word.
- Week die ertjies oornag in warm water, want dit sal die ontkiemingsproses aanhelp.
- Saai in saadbakke en hou klam tydens ontkieming.
- Wanneer hulle ontkiem het, laat die saadbakke in helder lig op 'n warm plek staan.
- Jy kan die saadjies ook op klam kombuispapier in 'n plastieksak sit met 'n paar gaatjies ingestee. Wanneer die worteltjies verskyn, kan jy dit versigtig in grond of in potjies plant.
- Wanneer die gevaar vir ryp verby is en die saailinge groot genoeg is om te hanteer, kan hulle in die tuin uitgeplant word.
- Ertjies hou van baie winterson, grond wat goed dreineer, wat goed omgespit is en met kompos verryk is. Kalk kan 3-4 weke voordat jy begin plant, ingespit word.



Plant dié!

Die 'Sugar Snap-' rank-ertjie van Kirchhoffs lewer bros, soet peule wat heel geëet kan word. Peule kan binne 60 dae geoes word as jy dit rou wil eet; knip net die stammetjie af. Ouer peule kan vir een of twee minute gekook of gestoom word afhangend van hoe sag jy hulle wil hê.

KONTAK kirchhoffs.co.za

KOMBUISTUINAKE

- Hou die weer dop en bedek jong plantjies wanneer ryp voorspel word.
- Hou die grond klam, maar nie deurdrenk nie. Plante in klam grond is meer kouebestand.
- Maak die grond los om die stammetjies van boerkool (*kale*), Brusselse spruite en blomkool.
- Saai somergroente in saadbakke onderdak en laat ontkiem op 'n warm plek met helder lig.



'n Stukkie van die Karoo in die hart van Londen!

Vir die eerste keer ooit het Babylonstoren in die Franschoek-wynland en sy susterlandgoed, The Newt in Somerset, Engeland, 'n Karoo-vetplanttuin na die Chelsea-blommeskou (20–24 Mei) gebring. Die tuin, wat ontwerp is deur Ernst van Jaarsveld en Cornell Beukes van Babylonstoren en Katie Lewis van The Newt, wys die skoonheid en veerkragtigheid van inheemse vetplante wat in die Karoo voorkom. Hul natuurlike habitat is hier herskep met rotsformasies. Ná die skou sal die tuin herplant word by The Newt, waar dit 'n permanente uitstalling sal word om bewustheid van water-wyse plante en bedreigde spesies te kweek. Kry nog inligting by babylonstoren.com.

Mooi binne

Maklik en mooi

Die areca-palm, ook bekend as die bamboespalm, is 'n binnens-huise plant wat maklik is om te versorg. Dit maak 'n lieflike fokusplant en is 'n natuurlike lugbevogtiger. Bamboespalms floreer in helder, indirekte lig naby 'n venster. Laat die grond amper uitdroog voor jy dit weer natmaak. Voer in die lente en somer een keer per maand met 'n stikstofgebaseerde vloeibare misstof. As jy die blare met 'n klam lap afvee, hou dit die plantporieë oop en word blaargesondheid gehandhaaf. >>

KONTAK lgplant.co.za



Ons is vir die voëls.

Verwelkom wilde voëls in jou tuin met ons reeks plaaslik gemaakte voerders en kwaliteitkos.

Wild Wings het 'n verskeidenheid premiumprodukte in voorraad wat wilde voëls lok, beskerm en voed. Ons voëlkos word van natuurlike bestanddele gemaak, vermeng om hulle die voedingstowwe te gee wat hulle benodig.

Het jy plek nodig om hulle gesonde kos te voer? Kies uit voerders vir hardevet (suet), vrugte, sade, nagereg of nektar.



Product of Kirchhoffs

011 794 2316

info@ballstraathof.co.za





'Deloitte & Touche'



'Tawny Profusion'



VRA VIR LUDWIG

Snoei só

Martie Stevens van Johannesburg skryf Ek het 'n verskeidenheid rose wat ek moet snoei. Dit is die bossierige 'Deloitte & Touche', die floribunda 'Tawny Profusion' en die hibriedteeroos 'Garden Queen'. Is die snoeimetode dieselfde vir almal?

Ludwig Taschner antwoord Die beginsel agter snoei is altyd: om ou of dooie groei te verwyder, plek te maak vir nuwe groei en die bos netjies te maak. Rose het egter verskillende groeiwyses en sommige rose, veral die grondbedekkerrose, word anders gesnoei.

Vir **hibriedtee- en floribunda-rose** is snoei basies dieselfde. Knip sowat 'n derde van die struik af. Snoei ou, dooie, oorkruis- en dun takke. Behou hoogstens vier sterk stingels, verkieslik dié wat die afgelope seisoen gegroei het. Snoei die oorblywende stingels sodat hulle 40 tot 60 cm lank is. Snoei alle sygroei af.

Grondbedekker-rose soos 'Deloitte en Touche' is die eenvoudigste om te snoei. Snoei hul spreidende systingels terug tot sowat 30 cm. Klein takkies kan uitgesny word, maar dit kan ook gelos word om uit te droog.

'n Noodsaaklike deel van snoei is die nasorg, want dit bepaal die roos se sukses in die volgende seisoen. Sprei kompos of ou mis oor die deklaag en om elke bos en spit dit diep in, tot 30 cm, om die grond te belug vir beter opname van water en voedingstowwe. Sprinkel Ludwig se Vigorosa oor en gee goed water.

KONTAK ludwigroses.co.za.



VRA VIR JJ

Blare lyk siek

Jesse Peters van Gordonsbaai skryf Ek

het 'n rukkige gelede dié merke (*regs*) op die blare van my wilddagga-struik opgemerk. Ek kon dit nie met my vinger afvryf nie (ek het eers gedink dit is 'n soort skimmel). Die plant lyk andersins goed, maar dié herfs het dit nie so goed geblom soos in die verlede nie. Ek verkies 'n ekovriendelike oplossing, want ek het baie voëls en skoelappers in my tuin.

JJ van Rensburg antwoord Dit is 'n algemene swam wat gereeld op wilddagga- (*Leonotis leonurus*) variëteite voorkom. Ongelukkig is daar geen organiese behandeling beskikbaar nie, behalwe om die siek blare af te sny. Jy kan 'n produk soos Copper Flow Plus gebruik wat kopergebaseer is en gebruik word om skurft te behandel. Onthou om dit ná 'n week te herhaal en om die grond onder die struik te behandel om enige spore wat teenwoordig kan wees, dood te maak.



Foto Gillian Eva

Vinnige vrae

V: Op bladsy 110 van jul Desember 2024 | Januarie 2025-uitgawe het ek 'n pragtige ornamentele gras onder die kruik in Lara se tuin gesien. Wat is dit? – **Francine Swart, Welkom**

A: Dit is die *Liriope muscari* 'Variegata' ("lily turf" in Engels), 'n randplant vir beddings of langs paadjies wat hitte, humiditeit en droogte kan weerstaan. Dit is by die meeste kwekerye te kry.




V: Ek is mal oor die plant in die mandjie in Nan Day se badkamer in jul Desember 2024 | Januarie 2025-uitgawe. Wat is dit?

– **Lisa Bennet, Oos-Londen**

A: Dit is die binneplant *Aglaonema* ("Chinese evergreen"); dié spesifieke een lyk soos die kultivar 'Maria'. Kry dit by jou plaaslike kwekery of aanlyn by clicknplant.co.za of plantify.co.za. 🏠



Barber of karp		Huil soos die wind		Teen . . . en dank		Dobbelsteen-kolletjie		Bejammer Oersted (simbool)	Monde-lingse		Ook die reënblommetjie genoem	
Afname						Nimmer						
Die bal aan die . . . sit				Roer daarmee		Suurlemoen-meringue, bv.					Poegaai	
Praat			Al wat . . . en beef					Hoë pos				
Kinderbeddens			Draai			Geteister Wilde-olyfboom		Suidwes (afk.)				Formele dokument
		Treindiens									"Laat dit so wees"	Dis Ná April
Nie boe of . . . sê				Ou lengte-maat		Alter . . .		'n Strauss-dans	Hulle slaan 'n dampie		Ondermyn	
Dankie				Uitput								
Bestendig							"Sowaar!"	Beminde				Vakansie-plek
						Sies!			Belofes			
Hartstog					Jaartelling	Ouers en kinders			Beslis		Energie	
Geangliseerde											Die Ooste	Sulfer
					Bome							
					'n Halwe halwe					Ge-wapende dief		
Hofparty		Kuitlengte-rok						Gedroogde klapper				Mode
								Kousgat				
					Kaapse . . .				Motor			Jok
									Tower-godin			Vorige kêrel
					Matadors	. . . facto			Op . . . na (amper almal)			Europese Kom-missie (afk.)



WEN! Een van vier boeke ter waarde van R350 elk, uitgegee deur NB-Uitgewers, kan joune wees.

Op 25 is Rebecca Fagan in besit van 'n regsgraad, 'n rugsak, 'n groot mond en baie *guts*. Sy het twee jaar lank druiwe gepluk in Frankryk, in Italië op 'n olyfplaas gewerk en in Duitsland was sy 'n kelner. Maar nou is sy terug in Suid-Afrika en sy soek 'n "regte" werk. Verkieklik een wat opwindend is en 'n groot salaris betaal. Toe sy hoor dat Julian Hoffman, derdegeslag-erfgenaar van 'n multimiljardrandmaat-skappy, op soek is na 'n persoonlike assistent, besluit sy om aansoek te doen. Maar wat wag op haar?

Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van *Rebecca* ter waarde van R350.

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 10 Julie 2025 na **Tuis-blokraai #184**, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

Naam Adres
Poskode Sel Tel. (w) E-pos

Ons hou
baie
hiervan!

Tuinkopies

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel

Die Potsak (R220 vir 1 sak, Potsak) is 'n oulike idee vir 'n vertikale tuintjie binne of op die stoep. Dit word gemaak van herwinde nylon- en poliëstermatteëls, goingtou en bloekomlatte.



Magic Mosaic- (bo) en Frond-mat
van polipropileen (180 x 270 cm)
R1 500 elk, India Ink

Growing Paper se Paper Tales-groetekaartjies
met saadjies wat ingebed is en tekeninge deur
plaaslike kunstenaars R359 vir
stel van 12, Yuppiefchef



Klapperhaar-
deurmat
(40 x 60 cm)
R159.99,
Mr Price Home

Sula-bistrostoel met
aluminiumraam en rugleuning
van geweeftde tou R1 995,
Patio Warehouse

Ysterlêstoel R12 999,
Poetry of Living



Morsø Ignis-vuurput (45 cm D)
R9 000, verskeie verskaffers

Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika



Patio
WAREHOUSE
www.patiowarehouse.co.za



Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240 | Somerset-Wes - 021 840 4160
Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102



Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel

Diere- maniere

Te oulik vir woorde!



Ma se blom

Abby soek oral 'n sonkolletjie.
– Sandra Smit-Badenhorst, Fochville

Dubbelbed-maters

Wat sien Frikkie en Vlooi daar?
– Jo-Anne Fourie, Caledon



Dis planttyd ...

en Joey grawe solank!
– Marili Orffer, Durbanville



'Ek weet nie so mooi nie'

Sophie die mopshond dra
Ouma se nuutste ontwerp.
– Daleen Smith, Pretoria



Baie moeg

Neelsie lê waar hy wil.
– Lizka Potgieter, Kaapstad





Só vaak

Halo sal op enige plek slaap.
– Isabella Mathysen, Durban



WEN!

Die eienaars van die diere op die foto's wen elk 'n R500-geskenkbewys van Petshop Science (petshopscience.co.za). Kry alles wat jou troeteldier nodig het onder een dak by Petshop Science waar kundige winkel-assistente jou sal help om die regte keuse te maak.

Om koud te kry is vir niemand lekker nie, so maak seker dat jou troeteldier 'n sagte, warm bed en gemaklike beddegoed het wat liggaamshitte behou. Ons is mal oor die Dog's Life Polar Fleece Blanket (R119.99) – dit is net reg vir opkrul saam met jou dieremaat op koue aande. Die Scruffs Chester Box-hondebed (vanaf R649.99) het 'n glyvaste basis en is masjienwasbaar, terwyl die Rogz Cave Pop-Up Lounge-troeteldierbed (R1 399) styl en funksionaliteit bied. Besoek jou naaste Petshop Science-winkel vir 'n wye verskeidenheid noodsaaklikhede om jou troeteldiere dwarsdeur die winter te versorg.

Stuur jou foto's (minstens 2MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za en sluit jou kontakbesonderhede in – jy kan ook 'n wenner wees! Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

V&A

Stres en ang

Christa Bester van Linden skryf

My hond ly aan angstigheid; kan dieet 'n rol speel in stresverligting?



Dr. Guy Fyvie van Hill's Pet Nutrition antwoord

Vir sommige troeteldiere is ang meer as 'n reaksie af en toe op harde geluide of onbekende omgewings. Dit kan 'n chroniese probleem wees wat hul algemene gesondheid en welstand beïnvloed. Die bestuur van 'n troeteldier se stres gaan nie net oor omgewingsveranderinge nie, dit behels ook om hulle ingewande te ondersteun.

By honde kan stres die dermmikrobioom ontwig, wat lei tot diarree, opgeblasenheid of verhoogde dermmotiliteit. Stres by katte hou verband met urinêre probleme aangesien oortollige minerale in die dieet kan lei tot die vorming van kristalle in die urine, wat lei tot ongemak en moontlik 'n verstopte blaas.

Noodsaaklike elemente om na te kyk in troeteldiervoeding sluit in:

- **Melkproteïen-hidrolisaat** Sekere proteïene het kalmerende eienskappe wat ang by honde en katte help bestuur.
- **Omega-3-vetsure en antioksidante** Dié voedingstowwe ondersteun breinfunksie en verminder inflammasie, wat spysverterings- én urinêre gesondheid bevoordeel.

- **L-triptofaan** Dié aminosuur help om gemoedstoestand te reguleer (veral voordelig vir katte).

Die volgende sal ook help:

- **Roetine en voorspelbaarheid** Volg 'n konsekwente skedule vir voeding, oefening en rus.
- **Omgewingsverryking** Voorsien speelgoed, veilige ruimtes en breinstimulasie.
- **Fisieke aktiwiteit** Handhaaf gereelde oefening soos stappies en speletyd.

ONTHOU Troeteldiere kan sensitief wees vir verandering in hul omgewing: reis, klappers, veeartsbesoeke en huisgaste kan ang veroorsaak. Gesels met jou veearts oor Hill's Prescription Diet i/d Stress-hondekos en Hill's Prescription Diet c/d Multicare Stress-katkos wat stres op kort- en langtermyn help bestuur. Raadpleeg ook jou veearts om onderliggende probleme te identifiseer.

KONTAK hillspet.co.za 🏠

WIE WOON HIER? Michael en Helen Michaels,
hul twee tienerjarige kinders en twee honde
WAAR Linksfield, Johannesburg
GROOTTE 578 m²
OUDERDOM VAN TUIN 2 jaar
GRONDTIPE Rooi klei

SÓ LYK 'n bekroonde ONTWERP

Dié wen-tuin met meestal inheemse plante tiek al die boksies vir sy eienaars én voldoen aan die landgoed se streng voorskrifte.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Connall Oosterbroek



'n Riviervaderlandswilg (*Combretum erythrophyllum*) het 'n ereplek by die voordeur. In die voorgrond verskaf gousblomme, aantelrosies en wildeknoffel kleur en kontrasterende teksture.

Hoe wonderlik is dit nie wanneer oënskylik onmoontlike hindernisse jou uiteindelik by die wenstreep uitbring nie. Hierdie tuin het soveel uitdagings gestel: beperkte spasie, die landgoed se plantreëls, 'n streng spertyd en die feit dat dele van die tuin uitgelê moes word terwyl die huis nog in aanbou was. Tog het die resultaat 'n dubbelgoue toekenning en trofee van SALI (Suid-Afrikaanse Landskapinstituut) aan die jong ontwerper en haar span besorg.

Michael en Helen Michaels het Ursula Phillips van Green Creations 'n paar jaar gelede, terwyl hulle nog besig was met die beplanning van hul huis, genader met 'n eenvoudige opdrag: "Ons tuin moet ons laat voel asof ons in Griekeland is."

"Die huis is taamlik modern, en my mikpunt was om 'n tikkie sagtheid in te bring met die landskapontwerp; daarby wou ek inheemse, waterwys plante gebruik wat die Mediterreense gevoel van hul drome sou oordra," onthou Ursula.

Omdat die eiendom teen 'n helling geleë is, was terrasse nodig om gelyk oppervlakke te skep vir die swembaddele en 'n grasperk – iets wat noodsaaklik is as jy kinders en troeteldiere het. "Die grond was digte rooi klei, en ons moes 26 m³ gesifte sampioenkompos en bogrond inry om dit te verbeter," sê sy.

"Toe, terwyl die bouwerk nog aan die gang was, het die bouers gevra of ons solank gras kan plant om te keer dat hulle modder by die huis intrap. Ek was bekommerd oor moontlike skade, maar ons het so gemaak en agterna, met die werkery klaar, herstel wat nodig was."

Die onderste terrasse is beplant met heinings en plante wat min moeite verg, soos wildeknoffel, gousblomme en hartblaar-vygie (*Aptenia cordifolia*). Op straatvlak sal kannabas (*Dais cotinifolia*) en Vanwykshout (*Bolusanthus speciosus*) uiteindelik privaatheid skep en spog met massas blomme in die lente. >>



Om die hoë grensmuur langs die vuurput te bedek en die voorkoms te versag, het Ursula kruipvy geplant. "Ons wou oorspronklik traliewerk of muurkuns vir die doel gebruik, maar die kruipvy was die regte besluit," sê sy nou.




"Ons het ná 'n paar maande opgelet die honde draf 'n paadjie langs die vuurput uit, toe lê ons maar plaveistene vir hulle," vertel Ursula.



Voor

'n Ry kannabas-bome is op straatvlak geplant vir privaatheid.




In die blou-en-geel
fokusbedding verskaf
blousambreetjies 'n
spatsel kleur onder die
suurlemoenbome.

LESERTUIN

In dié stegie aan die oostekant van die huis was 'n lugreëlaar 'n seeroog. Ursula het dit verbloem met latwerk waarteen sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) opgelei is. “Ondanks die syfelslote wat hier gemaak is, bly dit 'n effense moeras. Toe plant ek waterliewende aronskelke (*Zantedeschia*), wat nou floreer,” sê Ursula. Sy het dié deel 'n pienk-en-pers tema gegee met *Salvia involucrata* 'Mulberry Jam' en wimperspoorsalie (*Plectranthus ciliatus*).



Die deel buite Michael se kantoor het 'n manliker gevoel gekry met struktuurplante soos hierdie Uitenhaag-aalwyn.



Griekse inspirasie

“Met die huis wat na die grensheining uitkyk, het ons hier ’n geel-en-blou bedding met ’n Mediterreense tema geskep,” verduidelik Ursula, wat slim plantkeuses moes maak om aan die landgoed se reël dat 70% van plante inheems moet wees, te voldoen.

Dié bedding word geanker deur ’n ry suurlemoenbome – ’n groot gunsteling van Helen – met geel vygies (*Lampranthus glaucus*), blousambreetjies, *Dianthus chinensis*, valentynsblom (*Crocsmia aurea*) en ’n massa *Agapanthus* ‘Midnight Sky’ by hul voete.

“Ek het aanplantings in lae gedoen om te verseker dié deel lyk dwarsdeur die jaar mooi; ’n mens sien dit immers uit die leefvertrek en kombuis,” sê Ursula. Sy het aalwyne soos die strandaalwyn (*Aloe thraskii*), tweekleur-aalwyn (*A. petricola*) en seekat-aalwyn (*A. vanbalenii*) gekies vir warmer geel en oranje kleure in die winter.

Michael is gelukkig dat sy kantoor op die tuin oopmaak. Hier het Ursula ’n ruimte geskep waar hy kan uitstap, en dit ’n effens manliker voorkoms gegee met struktuurplante soos groot Uitenhaag-aalwyne (*Aloe africana*), dekriet (*Elegia tectorum*) en groot wilde-iris (*Diets grandiflora*). Oorkant dit staan ’n ry olienhoute (*Olea europaea* subsp. *africana*) in groot potte wat die vuurput in die hoek van die eiendom afskerm en terselfdertyd die Mediterreense tema versterk.

Soos by talle nuwe ontwikkelings is hoë grensmure geneig om die tuin te oorheers. “Ek het kruipvy (*Ficus pumila*) geplant, wat die mure nou mooi toemaak en sal verseker dat dié oppervlakke uiteindelik met die tuin saamsmelt,” sê Ursula. >>



Besemgras bring beweging in die tuin naby die voordeur.



Kom nader

Ursula het baie aandag aan die ingang geskenk. “Ek wou die lieflike klip teen die keermure komplementeer en het dae lank by die klipverskaffer deurgebring om groot klippe in dieselfde kleur uit te soek,” verduidelik sy. “Ons moes hulle met ’n hyskraan op die regte plek neersit.”

Volgens die SALI-beoordelaars was dit aspekte soos haar nakoming van die 70%-inheems-reël wat plaaslike dierelewe lok, ’n ontwerp wat kleur sowel as tekstuur insluit, en die ewewig tussen die sterk argitektoniese styl van die huis en natuurlike klip en rotse, wat die toekennings aan Ursula en haar span beklank het. Die beoordelaars het ook die gebruik van groot inheemse bome om privaatheid te skep, geloof.

“Dit het heelwat sonbrand en blase gekos om die spertyd te haal, maar wat dit so lonend gemaak het, was die feit dat ons teen die einde van die projek al gesien het hoedat paddas en ander diertjies hulle in die tuin tuismaak. Net daar het ek besef: My werk hier is klaar,” sê Ursula.

INHEEMSE WENNERS



Ursula se gunstelingplante vir ’n moeitevrye tuin sluit die volgende in:

- **Aanteelrosie** (*Crassula capitella* ‘Campfire’) Hierdie klein vetplant is ideaal om trefkrag te gee aan moderne ontwerpe en terselfdertyd ’n oranje-rooi kleurkol te skep. Boonop verg dit die minimum onderhoud.
- **Agapanthus** ‘Midnight Sky’ Ek is dol oor hierdie agapan met sy donkerpers blomme. Dit gee so ’n dramatiese kinkel aan kleiner ruimtes sonder om die ontwerp te oorheers.
- **Besemgras** (*Aristida junciformis*) Die besonderse tekstuur en wasigheid van dié ornamentele gras skep lieflike kontras en bring beweging in ’n tuin, veral waar jy ’n ligte, grasiëuse voorkoms wil skep.
- **Blousambreeltjie** (*Felicia amelloides*) Hul vrolike blou blomme verskaf ’n pragtige kleurspatsel met min moeite. Hulle is taai en aard goed in enige grond.
- **Gousblom** (*Gazania krebsiana*) Dit is my voorkeur-plant, aangesien dit so lewendig en gehard is. Dis ’n ontploffing van kleur wat in die son en die droogste toestande denkbaar floreer – die ideale plant vir ’n min-moeitetuin.
- **Wildeknoffel** (*Tulbaghia violacea*) Hierdie plant is ongelooflik veelsydig, en onmisbaar in ’n gesonde, gebalanseerde tuin. Dit spog nie net met mooi stervormige blomme nie, maar dien ook as natuurlike insekweerder, tot voordeel van die omliggende plante. 🏡



Olienhout



Wildeknoffel



Aanteelrosie en gousblom



Seekat-aalwyn



Vaal-strandbotterblom
(*Gazania rigens* var. *leucolaena*)



Agapanthus 'Midnight Sky'



Groot wilde-iris



Feetjieplakkie (*Crassula multicava*)



Valentynsblom

WIE WOON HIER? Nico en Lizeth Coetzee,
Katryn die Biewer-terriër en 'n paar gespikkelde
Japannese bantamhoenders

WAAR Dullstroom, Mpumalanga

GROOTTE Sowat 1 200 m²

OUDERDOM VAN TUIN 16 jaar

GRONDTIPE Klipperige rooigrond

Die tuin is verdeel in
tuinkamers, en paadjies met
verskillende oppervlakke lei
van die een na die volgende.

in Hard en sag harmonie

Elke seisoen is mooi in dié tuin waar klip
struktuur en plante sagtheid gee.

Deur Marié Brody • Foto's Christoph Hoffmann



Silwerberke is die eerste bome wat vir Lizeth sê die winter is naby. Middel Februarie lê daar al van hul klein, geel blaartjies op die grond. Die eerste jaar dat dit gebeur het, was sy bekommerd dat die bome siek is, maar 'n gesoute tuinier het haar kommer besweer en gesê: "Dit is hoe die bome praat en jou vroegtydig laat weet dat die koue kom." >>

Op 'n leë erf wat oorgroei was met bloekom- en dennebome het Lizeth Coetzee, 'n voormalige musiekonderwyseres en steeds orrelis op die dorp, begin tuinmaak.

“Hier was amper niks, net die bome en groot klipplate,” vertel sy. “Ons het begin deur al die bloekoms en dennebome te verwyder. Dit is nou buiten die drie groot denne in die voortuin. Hulle was net te waardig, ons kon hulle nie afsaag nie.”

Lizeth het die ontwerp van die tuin self gedoen terwyl haar man, Nico, praktiese raad gegee het.

“Eers het ek 'n ruwe plan vir die voortuin geteken, met boë, bankies en waterfokuspunte vir romantiese elemente, terwyl

trappe, muurtjies en paadjies struktuur moes gee. Omdat daar op soveel plekke net klippe was, en feitlik geen grond nie, het ons besluit om groot dele van die tuin te plavei. Met verhewe beddings, wat sommer ook as stutmure tussen verskillende vlakke in die tuin dien, kon ek darem plantplek op party van die klipperige dele skep.

“Ek en my regterhand in die tuin, Thulani Mahlangu, het die beddings stuk-stuk uitgelê. Ons het ons eie kompos begin maak, maar moes nogtans baie aankoop om die grond te verbeter.

“Daarmee saam het ons beesmis wat darem al so 'n bietjie gesweet het en daarom nie meer so vol onkruid was nie, by boere in die omgewing gaan oplaai en ingewerk.” >>



Lizeth sit graag en geniet haar koppie tee onder die groot yveboom met die soet reuk wat dit omhul. 'Garden Princess'-rose (*oorkant*) blom oorfloedig in die laatlente.

My tuin is nostalgies en *vür seker*
nie 'n uitstaltuin waar alles net
reg moet wees met g'n blaar uit
sy plek nie! – *Lizeth*



Klipstrukture

Die voortuin is semi-formeel om by die huis se reguit lyne te pas. Agter is sagte, vloeiende beddings.

“Struktuur is vir my belangrik. Hier is boë van klip, sommige toegerank met rose en jasmyn; ’n klipbank onder ’n preele, en talle klipmuurtjies wat vir baie struktuur sorg. As die plante in Dullstroom se koue winters doodryp, is die struktuur darem nog daar.”

Om haar tuin vol te hou, maak Lizeth nuwe plante van steggies of kweek dit van saad. “Ek vermeerder onder meer rose, roosmaryn, krismisrose, laventel en ’n verskeidenheid salies van steggies. Ek het ’n kwekery by die huis en ruil graag steggies met my vriendinne.” Sy noem dat hulle ook saad in bakke saai en dan die jong plantjies uitplant. “Want,” verduidelik sy, “as ek dit direk in die beddings saai, skrop die hoenders dit uit.”

Lizeth se tuin is vir haar ’n plek waar sy kan rustig word, sit en dink en tee drink saam met Nico of ’n vriendin. “My tuin is vir my heeljaar mooi. Hier by ons beleef jy regtig die verskillende seisoene. Die herfs is pragtig met al die bladwisselende bome; in die winter is dit kaal, maar dit is ook vir my mooi. En in die lente het die bome lieflike liggroen blare en is daar ’n oorvloed bloeisele.”

Die onderste deel van die Coetzees se huis, die grensmure, trappe en talle stutmuurtjies is gebou van klip wat van ’n plaas in die omgewing kom. “Die sement is gedeeltelik met rooi sand gemeng sodat dit goed by die pragtige kleure van die klip inskakel,” sê Lizeth.

In die voortuin (regs) omraam stene die fontein waar silwerberke en dennebome in die laatmiddag skaduwee gee. In dié groter dam is goudvisse tuis. “Al lê die ys in die winter op die visdam, kom hul niks oor nie. Dié visse het beslis by ons koue winters aangepas! Ek vermoed dit is oor die dam sowat twee meter diep is dat hulle oorleef,” sê Lizeth.



'Garden Princess'-roos



Tuinraad

Lizeth werk graag self in haar tuin. Thulani, wat al vir jare in die tuin help, sit drie dae per week hand by. Nico is ook 'n tuinliefhebber en kweek groente in houters wat hy self gebou het. Sy deel graag haar raad:

- Maak jou eie kompos. Ons gebruik geskikte kombuis- en tuinafval, grassnysels en fyner takke wat ons opsnipper. Tussenin kom lagies tuingrond. Van die herfsblare wat op die plaveisel, grasperk en in die

beddings val, word blaarhumus gemaak. Ons sit die blare in swart sakke, druk dit bietjie vas, maak dit klam (maar nie te nat nie) en steek 'n paar gate in die sakke. Dan los ons dit vir 'n jaar tot 18 maande net so. As jy die sak dan oopmaak, is dit wonderlike blaarhumus waarmee ons die tuin voed.

- Ek gebruik sover moontlik nie gif nie, want die bantamhoenders maak korte metten met miere en slakke.
- Ons is gelukkig om 'n boorgat te hê waarmee ons die tuin nat hou. As ek enigsins kan, lei ek die rose nat eerder as om dit te besproei, sodat daar nie water op die blare val nie. As ek wel die besproeiing gebruik, is dit soggens, sodat die blare genoeg tyd deur die dag het om droog te word en nie swamsiektes kry nie.

- Kies plante wat aard in jou klimaat. Bladwisselende bome en plante aard baie goed hier, omdat dit gedurende die winter in 'n rustyd gaan en nie deur die ryp beïnvloed word nie. Die krismisrose, agapante, daglelies en baie ander plante ryp elke winter dood. Ons los die dooie blare tot laat in Julie of vroeg in Augustus aan die plant voor dit sowat 15 cm bo die grond afgesny word – die dooie blare beskerm steeds die wortelstelsel teen strawwe ryp. In die lente loop almal weer groen uit.

- Gebruik grondbedekkers en kleiner plante om kaal kolle in jou beddings te laat toegroei. Dit keer dat die grond te veel uitdroog en verminder onkruidgroei. Herfsblare wat in die beddings gelos word, beperk ook onkruidgroei. Daar is reeds so baie klip in my tuin, daarom wil ek dit nie ook op die oop plekke in die beddings gebruik nie.

- In die winter word die tuinornamente vernis en gevef, en die houtstrukture met kreosoot behandel. Dit hou lank genoeg en hoef nie elke jaar gedoen te word nie.
- Ek sorg ook dat my snoeiskêre en sae altyd skerp is. Nico help hiermee. >>



Akelei (*Aquilegia vulgaris*)



'South Africa'-roos


GUNSTELINGE

"My gunsteling is my bome: Die groot denne en twee pruimbome wat reeds op die erf was, die silwerberke (*Betula pendula*) en die reusagtige witstinkhout (*Celtis africana*)," sê Lizeth. "Dan is daar appelbome, 'n kweperboom wat pragtig is en 'n okkerneutboom wat elke jaar in Februarie en Maart sy neute wyd uitskiet. Ek hou ook baie van die lieflike sneeuballe (*Viburnum opulus* 'Roseum') wat my aan my ouma Annie se tuin herinner.

"Blomme wat vir my mooi is, is rose – veral die 'South Africa'-roos, wat feitlik geen swamsiektes kry nie. Swamsiektes is 'n groot probleem hier by ons weens die mis wat van die Laeveld af inrol. Ek hou ook van 'Princess Charlene', 'Blue Moon' en die pienk en wit 'Iceberg'-rose – dié twee 'Icebergs' vaar eintlik die heel beste in Dullstroom."

Haar ander gunstelingblomme is krismisrose (*Hydrangea*), nieskruid (*Helleborus*), Inkalelies (*Alstroemeria aurea*), fuchsias, daglelies (*Hemerocallis*), groot en klein agapante (*Agapanthus*), engelvierkies (*Oenothera lindheimeri*), vlooikruid (*Erigeron karvinskianus*), lupiene (*Lupinus polyphyllus*) en wit, groen en geel aronskelke (*Zantedeschia*). Die geel varkoor, oftewel Mapoglelie (*Zantedeschia pentlandii*), is endemies in Roossenekal, hul buurdorp.






Lizeth het die "geheime" deur by 'n bouervriend gekry en dit met handvat en al teen die muur vasgebout. "Soveel kinders het al deur die jare aan die deur geruk en gepluk en dan verbaas kom vra hoekom hulle dit nie oopkry nie. Dit gee 'n misterieuse element aan my tuin. Die muur waarteen dit vasgesit is, skei die komposhope van die res van die tuin."



In 'n verhewe bedding van klip is 'n verskeidenheid hoogstamrose geplant; onderlangs groei vlooi kruid. Die hoër beddings dien meer as een doel in die tuin: Dit vorm 'n stutmuur tussen die plaveisel en 'n hoër oppervlak, bied ekstra plantplek met goeie grond daarin, en die verskillende vlakke gee 'n interessante dimensie aan die tuin.



Terwyl hul huis gebou is, het Lizeth en Nico elke middag die oorskietsement versamel en stapblokke daarvan gemaak. "Ons het stene in 'n vierkant gepak, die sement daarin gegiet en met klippies en patrone versier. Dit was nie vir ons nodig om enige sementblokke te koop nie," vertel Lizeth. Voor die huis is van die blokke te sien met dwergmondgras (*Ophiopogon japonicus* 'Kyoto') wat tussenin groei.



Bostonse klimop (*Parthenocissus tricuspidata*) groei agter die fontein in die vierkant waarop die kombuis uitloop, terwyl waterlelies en aronskelke in die water gedy. Die spuitkop het Lizeth van hul vorige huis in Mokopane af saamgebring. >>

Onder die groot ou denne is die grond meestal kaal en lê die dennenaalde dik aan weerskante van die paadjie. "Ons het besluit om nie die denne se wortels te versteur nie en dit wild te los. Ek het 'n kronkelpaadjie met groot plat klippe gemaak wat van 'n roosberankte boog deur die bome na die voortuin loop," verduidelik Lizeth. "Die enkele plante wat wel daar groei, is in skakerings van bruin, soos die bronspienk en bruin Nieu-Seelandse vlas (*Phormium* 'Margaret Jones'), fonteingras (*Pennisetum setaceum* 'Rubrum') en die brons Nieu-Seelandse watergras (*Carex comans* 'Select')." Om struktuur te gee, het sy ystervellings van ou waens neergesit en volgepak met klippe wat in die tuin uitgegrawe is.





Blou snuifbottels wat tydens uitgrawings op die erf gevind is, hang bokant 'n blou bankie. Dié is toegerank met sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*).

Lizeth het 'n gebarste sementstoel met materiaal gedecoupage en met skeepsvernis verseël. Dit bied sitplek naby die fontein in die voortuin.



Dié fiets kom van een van Lizeth se klavierleerlinge.




Dié geroeste sinkbekertjies in die bruin tuin kom uit Zimbabwe.

Stal dit uit...

Lizeth hou van interessante *tuinornamente* wat 'n *storie vertel*. Sommige is nuttig, terwyl ander net daar is vir die mooi!

'n Ysterraamwerk, afkomstig van 'n ashoop, word ingespan vir praktiese potplanthouers. Nico het sirkels daaraan gesweis om potte in te plaas.



Klippe in 'n kantagtige patroon is 'n sagte en romantiese element.

Die twee stewige hoenders kom van Bethlehem in die Vrystaat.



Nico het dié gesweiste harte wat aan 'n ketting hang, gemaak. ♡



in Fees *van*
beesvleis

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

Hier's slim planne met maaltvleis en beessnitte wat bekend is dat hulle taai kan wees. Maak gerus ons ragù van beesskenkel (dis een keer se maak vir twee keer se eet!), doeksagte "minute-" steaks, gebakte koftas en klapper-dikribsteaks met jou eie roti's.

Biefskenkel-ragù

Kook een keer dié stadig gekookte vleissous en eet 'n paar keer! Dit is perfek vir 'n pastapartytjie vir ses, of vries in porsies vir bederfkos op besige weeksaande. Roer eenvoudig die warm ragù deur gaar pastalinte met 'n strooisel parmesaan, of probeer een van ons pretplanne op bl. 112.

Genoeg vir 6 saam met 500 g pastalinte • Voorbereiding: 30 minute • Gaarmaaktyd: 3 uur

- 30 ml olyfolie
- 1,5 kg beesskenkel-skywe met murg (of stowevleis, meer vleis as been)
- 200 g dik spekrepe, in blokkies gesny (of pancetta, as jy luuks voel)
- 2 uie, gekap
- 2 wortels, geskil en in 1 cm-stukkies gekap
- 2 selderystingels, gekap
- 3 knoffelhuisies, gekneus
- 60 ml tamatiepasta en 'n knippie suiker
- 200 ml rooiwyn

- 2 blikke (400 g elk) gekapte tamaties, elk uitgespoel met 200 ml kookwater
 - 1 blokkie vleisaftreksel, gekrummel
 - 1 takkie elk roosmaryn, tiemie en salie
 - 2 lourierblare
- VIR VOORSIT**
- 45 ml gekapte plat-blaarpietersielie
 - gerasperde skil van 1 suurlemoen

TA-DA!

So 'n stadig gekookte sous het gewoonlik 'n bietjie smaak-woema nodig om die geure voor opdiening te verfris. Die kombinasie van vars pietersielie en suurlemoenskil werk vir my soos 'n bom. Roer dit by en verhit tot deurwarm. 'n Strooisel vars gerasperde swartpeper en 'n skeutjie rooiwynasyn of vars suurlemoensap is ook heerlik.

WENKE

- Vir die foto's het ons 'n heel "Thor se hamer-" beesskenkel gebruik pleks van skenkelskywe. Dit lyk indrukwekkend, maar neem langer om rafelsag te prut. As jy beplan om die ragù soos 'n bredie voor te sit, rafel die vleis aan tafel van die murgbeen af. Jy kan die laaste uur wat die ragù staan en prut groente byvoeg. Gehalveerde sampioene, baba-aartappeltjies, blokkies patat of pampoene werk goed. 'n Bed van romerige polenta of kapokaartappels is die perfekte bykos.
- Rooiwyn gee 'n kenmerkende geur en kleur aan die ragù, maar droë witwyn is meer subtiel en werk goed as jy beplan om te eksperimenteer met brandrissies en speserye. >>

As daar 'n jagter in die gesin is, kan jy ook die heerlike ragù met wildsvleis maak!

1 Verhit die olie in 'n dikboomkastrol en braai die vleis in sarsies tot baie mooi bruin oraloor. Hierdie stap gee wonderlike geur. Skep uit en geur goed met sout. Hou eenkant.

2 Braai in dieselfde pan die spek, ui, wortel, seldery en knoffel vir 10 minute tot sag en geurig. Voeg 'n ekstra skeutjie olie by indien nodig.

3 Roer die tamatiepasta en knippie suiker by en braai vir 'n paar minute. Roer die wyn by en kook vir 1 minuut. Voeg die geblikte tamatie, uitspoelwater en aftreksel by en bring tot kookpunt. Draai die hitte laag, voeg die vleis en kruie by en maak seker die vleis is bedek met vloeistof. Laat prut rustig op die stoof vir 2 uur 30 minute of tot die vleis smeltsag is; die snit bepaal gewoonlik die gaarmaaktyd. Alternatiewelik kan jy die ragù in die oond bak teen 160 °C. Toets na 2 uur en vul die vloeistof aan indien nodig.

WENK Maak 'n cartouche vir hierdie stap: Frommel 'n stuk bakpapier op, vou dit weer oop, en sit dit direk op die oppervlak van die vleissous voor jy die deksel opsit. 'n Muntgrootte gat in die middel van die bakpapier is opsioneel.

4 Skep die vleis uit die sous, vlok en ontbeen. Skep enige oortollige vet van die oppervlak af en verwyder die heel kruie. Jy kan van die groente met 'n vurk fyner druk as jy wil.

5 Roer die vleis terug in die sous en geur na smaak met sout en peper. Die sous kan nou heeltemal afgekoel en gevries word.

Variasies



“Herderspastei-” aartappels

Oondgebakte aartappels neem sowat 1 uur teen 180°C, afhangend van hul grootte. Hier is 'n kortpad.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 35 minute

Gaarmaaktyd: 30 minute

- 8 middelslag-aartappels, ewe groot
- 5 ml olyfolie
- 'n strooisel seesout
- 250 ml klaarbereide ragù
- 15 ml gekapte pietersielie of grasuie
- 125 ml gerasperde beleë cheddakaas
- 10 ml botter

1 Prik die aartappels 'n paar keer met 'n vurk. Rangskik die aartappels om die rand van die mikrogolfglasbord of mikrogolf vir 10 minute. Besprinkel met olyfolie, geur met sout en bak in die lugbraaier vir nog 10-15 minute of tot bros en deurgaar. Laat effens afkoel tot hanteerbaar.

2 Sny die aartappels se bokante af en hol versigtig uit. Druk die aartappelvlees fyn in 'n mengbak. Geur na smaak met sout en peper, roer die pietersielie en die helfte van die kaas by.

3 Vul die aartappelbakkies met die ragù en plaas in 'n vuurvaste bak wat in die lugbraaier pas. As dit meer sous as vleis is, kan jy dit eers op die stoof afkook of met 'n lepel mielieblom verdik. Skep die geurige kapok op die gevulde aartappels. Stip met botter en strooi die oorblywende kaas oor.

4 Lugbraai die gevulde aartappels vir 5 minute teen 200°C of tot die kaas gesmelt en die outjies deurwarm is.



Trou-met-my-gnocchi-sop

“Marry-me-” disse is die internet vol en word speels gebruik vir 'n gereg waarvoor jy sommer met die kok sal trou! Dié gnocchi-resep is meer sop as sous en die stadig geroosterde ragù gee dit 'n x-faktor.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute

Gaarmaaktyd: 25 minute

- 250 ml klaarbereide ragù
- 1 blik (410 g) tamatiepuree
- 250 ml vleisafreksel
- 125 ml room
- 60 ml songedroogde tamatiepesto
- 500 g langlewe-gnocchi
- 'n strooisel vars basilie
- gerasperde vars parmesaan (opsioneel)

1 Verhit die ragù, tamatiepuree, afreksel, room en pesto saam tot dit prut en deurwarm is.

2 Kook die gnocchi in soutwater tot dit op die oppervlak dryf. Skep uit met 'n gaatjieslepel en dan direk in die tamatiesous.

3 Proe en geur die sous met sout en vars gemaalde swart-peper. Sit dadelik voor met die basilie, en as jy wil, 'n bietjie fyn parmesaan.

Ragù met nierbone en mielibroodkors

Dié gereg kan maklik verdubbel word as jy meer mense wil kosgee.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute • Gaarmaaktyd: 25 minute

- 500 ml klaarbereide ragù
- 1 blik (400 g) rooi nierbone, gedreineer
- 30 ml gekapte vars koljander
- 'n skeutjie van jou gunsteling-brandrissiesous (opsioneel)

MIELIEBROOD-BOLAAG

- 125 ml bruismeel
- 60 ml fyn polenta
- 3 ml bakpoeier
- knippie sout
- 60 ml gaar mieliepitte (geblik of bevrore)
- 125 ml gerasperde cheddarkaas
- 125 ml karringmelk
- 1 eier, geklits
- 15 ml olyfolie

1 Voorverhit die oond tot 200 °C. Meng die ragù en boontjies saam in 'n diep vuurvaste pan (25 cm-deursnee) en geur met die kruie en brandsous. Sit solank die pan op 'n bakplaatjie ingeval dit in die oond oorkook.

2 Klits die meel, polenta, bakpoeier, sout, mieliepitte en helfte van die kaas saam. Klits die karringmelk, eier en olyfolie apart saam. Meng die nat mengsel by die meelmengsel in om 'n stywe beslag te vorm.

3 Skep lepels vol van die beslag op die bredie, smeer gelyk en strooi die oorblywende kaas oor. Bak vir 25 minute of tot goudbruin en gaar. Laat rus 'n paar minute voor opdiening. Guacamole of avokadosalsa, suurroom en ingelegde jalapeñoskyfies is alles heerlike bykosse. >>



Oondgebakte koftas in pita

Hierdie koftas word gegeur en voorgesit baie soos dié wat mens in Turkye kry. Die geurige frikkadelle is in 'n japtrap klaar en die oond doen al die werk.

Genoeg vir 16 koftas

Voorbereiding: 15 minute

Gaarmaaktyd: 10-15 minute

Oondtemperatuur: Roosterelement

- 1 ui
- 500 g maalvleis
- 2 knoffelhuisies, baie fyn gekap
- 60 ml panko-broodkrummels
- 125 ml gekapte vars platblaar-pietersielie (of 'n mengsel van pietersielie, koljander, vinkel en ment)
- 5 ml gerookte paprika
- 3 ml elk fyn komyn, fyn koljander en witpeper
- 'n ruim knippie rissievlokkies (of na smaak)
- gerasperde skil van 1 suurlemoen

GROENTE

- 200 g kersietamaties
- 1 klein soetrissie in repies gesny
- 30 ml olyfolie

VIR OPDIENING

250 ml hummus

granaatpitte, sumac-ue (sien onder) en geroosterde saadjies

1 Rasper die ui grof en druk al die vloeistof uit. Meng die ui-vlees goed met die res van die frikkadelbestanddele. Onthou om sout na smaak by te voeg.

2 Voorverhit die oond se roosterelement. Vorm die gegeurde maalvleis in 16 ewe groot koftas, rond of langwerpig. Rangskik op 'n bakplaatjie.

3 Sit die tamaties en soetrissie langsaan en olie alles goed. Rooster onder die oond se element vir 10 minute of tot die vleis mooi goudbruin en gaar is. Dit is vinniger as wat jy dink! Jy kan dit omdraai as jy wil, ek vind dit onnodig.

SIT VOOR Smeer die hummus op 'n mooi dienbord. Rangskik die koftas bo-op saam met die geroosterde groente. Strooi granaatpitte, saadjies en uie oor en sit voor saam met pitabroodjies vir 'n heerlike ligte ete of voorgereg.



Sumac-ue

Halveer 1 rooi ui en sny in dun repies. Meng met 30 ml vars suurlemoensap, 30 ml gekapte platblaar-pietersielie en 5 ml fyn sumac. Rond die uie af met 'n knippie sout en 'n skeutjie goeie olyfolie, en laat staan vir 30 minute voor opdiening. Sumac is by Woolworths of goeie speseryhandelaars te kry.



Klewerige biefroerbraai

Die tegniek om 'n taaier vleissnit, veral in roerbraaigeregte, sag te maak met koeksoda word "velveting" genoem en is suiwer toorkuns wanneer dit by sappigheid kom.

**Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute, plus marineertyd
Gaarmaaktyd: 30 minute**

- 7 ml koeksoda
- 500 g dungsnyde "minute steak", vet verwyder en in 2 cm-repe gesny
- olie vir diep- of vlakbraai

MARINADE

- 5 ml olie
- 15 ml sojasous
- 10 ml ligbruin suiker
- 2 ml wit peper
- 7,5 ml mielieblom

SOUS

- 4 sprietuie, in 3 cm-lengtes gesny
- 2 knoffelhuusies, dun gesny
- 1 duim vars gemmer, geskil en gerasper
- 2 of 3 gedroogde brandrissies, gekrummel
- 125 ml flou hoenderaftreksel
- 30 ml oestersous
- 45 ml pruimsous
- 30 ml warm water
- 10 ml mielieblom

VIR VOORSIT

- 200 g elk gaar sampioene, babaworteltjies en peulertjies
- gestoomde jasmynrys vir voorsit
- 30 ml geroosterde sesamsaadjies
- 1 suurlemoen, in wiggies gesny

1 Los die koeksoda op in 'n bietjie water en meng goed deur die vleis. Bedek en laat staan vir 30 minute teen kamertemperatuur indien dit dadelik gaargemaak gaan word, anders in die yskas vir tot 1 uur. Spoel die vleis goed af in koue water en druk droog.

2 Meng die vleis met die marinadebestanddele en laat staan vir 10 minute. Diepbraai die repies vleis in sarsies vir 'n paar minute in 'n wok tot mooi bruin. Die vleis kan ook vlakgebraai word in 'n dikboompan, dit gaan net nie so bros wees nie. Skep uit en dreineer.

3 Behou sowat 15 ml olie in die wok of pan en braai die sprietuie, knoffel, gemmer en brandrissie vir 'n paar minute saam tot geurig. Roer die aftreksel, oester- en pruimsous by en kook vir nog 2 minute.

4 Roer die mielieblom en warm water saam om 'n pasta te maak, dit voorkom klonte. Roer die pasta in 'n straaltjie by die sous. Sodra die sousie dikker lyk, voeg al die gebraaide bief by en roerbraai tot elke stukkie met sous bedek is.



TA-DA!

Meng die gaar groente by die roerbraai in of sit apart voor saam met die gestoomde rys, 'n strooisel sesamsaadjies en 'n drukkie vars suurlemoen-sap. >>





Bief-en-klapper-kerrie

Dié eenvoudige kerrie is geurig eerder as brandsterk en gebruik klapper en rosyntjies vir lyf. Die geur is selfs beter die volgende dag.

Genoeg vir 4 ruim porsies

Voorbereiding: 40 minute

Gaarmaaktyd: 2 uur 30 minute

- 1 kg beenlose biefdikrib ("chuck steak"), in 3 cm-blokke gesny
- 30 ml olyfolie
- 2 middelslag-ue, gehalveer en dun gesny
- 1 knoffelhuisie, gesny
- 2 cm vars gemmer, geskil en gerasper
- 5 ml borrie
- 2 ml rissiepoeier
- 15 ml brijani-masala (of jou gunsteling)
- 500 ml vleisaftreksel
- 125 ml klapper
- 80 ml rosyntjies
- 'n strooisel vars koljander

1 Verhit 'n dikboompot tot goed warm en braai die dikrib tot oraloer goudbruin. Werk in sarsies en gebruik die olie soos nodig. As die vleis genoeg vet aan het, is dit dalk nie nodig vir ekstra olie nie. Geur die vleis goed met sout en hou eenkant.

2 Verhit nog 'n skeutjie olie in dieselfde pan en braai die uie stadig tot sag, en dan bruin. Voeg 'n skeutjie water by en kook droog as dit lyk of die uie te vinnig verkleur. Dié stap neem tot 10 minute en is baie belangrik vir die geur.

3 Roer die knoffel, gemmer, borrie, rissiepoeier en masala by en braai vir 'n minuut. Roer die bruingebraaide vleis, aftreksel, klapper en rosyntjies by en bring tot kookpunt. Draai die hitte laer sodra die sous kook en laat prut bedek vir 2 uur tot die vleis sag is. Proe en geur na smaak met sout en peper. Strooi die koljander oor (ook vars rooi brandrissie as jy wil) en bedien met jou gunsteling-bykosse. Geelrys (sien langsaan), tamatie-sambal, vars piesangskyfies, blatjang en roti's (resep op bl. 120) vir my, dankie.

WENK As jy hou van 'n baie dik sous, meng 15 ml meel met 'n bietjie van die kookvloeistof om 'n pasta te vorm; roer by die sous en kook dit deur net voor opdiening.

Geelrys

Ek het by die ontslapte Fatima Sydow geleer om 'n klontjie botter en 'n lepeljie bruinsuiker by my geelrys te roer en nou is dit vir my die lekkerste manier! Ek hou van klewerige jasmynrys en gebruik 'n raps minder water as die norm. Jy kan natuurlik jou oordeel of die aanwysings op die rys se verpakking volg vir die water/rys-verhouding met die onderstaande geurmiddels by.

Meng 250 ml **jasmynrys**, 3 ml **sout**, 5 ml **borrie**, 3 **kardemompeule** en 1 **kaneelstokkie** in 'n mikrogolfveilige mengbak. Giet 375 ml **kookwater** oor, roer deur, bedek en kook in die mikrogolf vir 15 minute. Roer 15 ml **ligte bruinsuiker** en 30 ml **botter** versigtig deur die ryskorrels. Bedek weer en laat staan vir 5 minute. Maak die korrels los met 'n vurk en proe of dit na wense gaar is. Stoom vir nog 'n paar minute indien nodig met 'n ekstra skeutjie kookwater by. Sit warm voor. >>

Tuisgemaakte roti's

Sit dié bros platbroodjies pleks van rys saam met jou gunsteling-kerrie voor, of wees oordadig en rol die rys en kerrie saam in een toe! Die rek en vou is baie terapeuties.

Genoeg vir 8 • Voorbereiding: 45 minute, plus rustyd • Gaarmaaktyd: 'n paar minute per roti

- 750 ml koekmeel
- 125 ml bruismeel
- 5 ml sout
- 50 ml sonneblomolie
- 250 ml koue water
- 100 ml botter
- 100 ml koekmeel
- olie vir vlakbraai

1 Meng die koekmeel, bruismeel en sout saam. Vryf die olie in tot dit soos growwe broodkrummels lyk.

2 Voeg die water by en knie saam om 'n gladde deeg te vorm.

3 Bedek met die mengbak en laat rus die deeg vir 30 minute.

4 Deel die deeg in 8 eweredige stukke.

5 Rol elke stuk deeg in 'n 20 cm-sirkel uit op 'n meelbestrooide oppervlak. Stip elke deegsirkel met 15 ml botter en strooi 'n lagie meel oor.

6 Rol die deeg met die botterlaag op en rek effens langer. Rol die punte van die deegrol op, een kant regsom en die ander kant linksom.

7 Druk die spirale effens platter en vou dubbel sodat die twee spirale bo-op mekaar is.

8 Pers saam, bedek en laat toe om weer te rus vir 1 uur.


9 Rol die ronde stukke deeg dun uit, sowat 25 cm in deursnee, en vlakbraai in 'n bietjie olie tot goudbruin en gaar. Herhaal met al 8 roti's en sit warm voor saam met kerrie. 🏠


Roti moenie droog wees nie, dit moet 'buttery' en 'fluffy' wees!

– Najma Abrahams (Tietie)

uit *Tietie & Nanna se huiskos* (Human en Rousseau)







Kos is op die tafel!

Ertjiesop met chorizo

Onder R115 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 40 minute • Gaarmaaktyd: 35 minute

- 250 ml droë-ertjies, gewas
- 2 aartappels, geskil en in klein blokkies gesny
- 1 liter water
- 15 ml olyfolie
- 1 chorizo (200 g), fyngekap
- 2 preie, gekap
- 3 knoffelhuisies, gekap
- 250 ml bevrore ertjies
- 1 blokkie hoenderaftreksel

1 Kook die droë-ertjies en aartappels in die water vir 30 minute of tot sag sonder om sout by te voeg. Skep enige skuim van die oppervlak af en gooi weg.

2 Verhit die olyfolie in 'n pan en braai die chorizo lekker bros. Skep die helfte uit en hou vir garnering. Skep die prei en knoffel in die pan en roerbraai tot geurig.

3 Roer die bevrore ertjies by sodra die droë-ertjies gaar is en maak fyn met 'n staafmenger. Roer die panmengsel en aftrekselblokkie by die fyn sop en verhit tot deurwarm. Geur na smaak met sout en peper. Garneer met die behoue chorizo en as jy wil, 'n paar ekstra gestoomde ertjies vir kleur. Bedien stomend warm.

WENK As jy van jou sop ekstra dik hou, meng 30 ml meel met 'n bietjie gladde sop om 'n pasta te vorm en kook deur voor opdiening of sit 'n ekstra aartappel by.

Romerige hoender-en-sampioen-orzo

Onder R135 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 45 minute • Gaarmaaktyd: 40 minute

- 4 hoenderdye
- 15 ml olyfolie
- 1 suurlemoen se sap en skil
- 15 ml botter
- 1 klein ui, gekap
- 100 g sampioene, gesny
- 1 knoffelhuisie, dungsny
- 60 ml droë witwyn
- 250 ml orzo (pastarys)
- 350-500 ml flou hoenderaftreksel
- 'n hand vol babaspinasie, grofgekap
- 125 ml gerasperde parmesaan

1 Maak drie diep insnydings tot op die been van elke dy, vryf met olyfolie en geur ruim met sout, swartpeper en gerasperde suurlemoenskil. Braai in 'n warm pan vir 15 minute tot goed goudbruin.

2 Roer die botter, ui en sampioene by die hoender en braai vir nog 5 minute saam. Roer die knoffel gevolg deur die wyn by en kook vir 3 minute. Voeg die orzo en 350 ml aftreksel by. Kook rustig tot die orzo al dente is. Dit neem sowat 10 minute. Roer gereeld en vul die vloeistof aan as die pankos lyk of dit droogkook, amper soos wanneer jy risotto maak.

3 Roer die spinasie en die meeste van die kaas by die gaar orzo en hoender en laat staan vir 5 minute. Drup die suurlemoensap na smaak oor en strooi die laaste kaas oor.

Los jou dramas by die huis!

**Kom kyk wie's op ons NATi
Teaterfees-verhoog**



30 April tot 4 Mei 2025
Artscape, Kaapstad

Bespreek by
web tickets
AVAILABLE AT **Pick n Pay**



Volledige program by **suidoosterfees.com**

Vars varkvleisfeite
om jou te verras!

VARKVLEIS IS RYK IN TIAMIEN WAT 'N ROL SPEEL IN DIE ONTWIKKELING VAN ENERGIE

Varkvleis is 'n ryk bron van baie vitamieene en minerale, insluitend tiamien wat 'n kritieke rol in energiemetabolisme speel.

In samewerking met
Universiteit Stellenbosch
se Afdeling Menslike Voeding



Division of Human Nutrition
Afdeling Menslike Voeding
ICandelo leSondlo soLuntu

Gemiddelde
porsiegrootte: 90g

Skandeer my vir
meer inligting.



www.sapork.co.za



Lugbraaier-krummeltjops

Onder R150 • Genoeg vir 4 • Bereidingstyd: 40 minute • Gaarmaaktyd: 30 minute

- 200 g broccoliblomme
- 45 ml olyfolie
- 4 ontbeende varklendetjops, sonder vel
- 5 ml speserysout
- 125 ml karringmelk
- 7,5 ml Dijon-mosterd
- 60 ml mielieblom
- sowat 500 ml graanvlokkies, gekrummel (of panko)
- 30 ml geroosterde saadjies
- 1 rooi uitjie, in skyfies gesny
- 100 g feta, in blokkies gesny
- 80 g babaspinasie
- 1 suurlemoen in wiggies gesny

1 Meng die broccoliblomme met 15 ml olyfolie, geur met sout en peper en bak vir 10 minute in die lugbraaier teen 200°C terwyl jy die tjops voorberei. (Jy kan dit ook in 'n voorverhitte oond teen 200°C bak vir 15 minute.)

2 Maak oorkruis-insnydings aan albei kante in die vleis en geur goed in al die groefies.

3 Meng die karringmelk en mosterd saam. Doop die tjops een vir een in die mielieblom, skud die oortollige meel af, doop in die karringmelk en krummels. Laat rus in die yskas vir 15 minute.

4 Verf die tjops met die oorblywende olie en lugbraai vir 13 minute teen 180°C. Draai halfpad deur om. Laat vir 5 minute in die lugbraaier rus. (Pas die gaarmaaktyd aan volgens die tjops se grootte.)

5 Meng die broccoli, sade, ui, feta en spinasie. Sit voor met 'n drukkie vars suurlemoensap en die krummeltjops. 🍴



SA PORK

Varkvleis-lekkerte!

'N BOEK, 'N PLEK EN 'N GLAS WYN

Waar jy wil wees, is tuis

Ons idee van die ideale wegbreek is in jou eie, fantastiese huis. En wat kan dan nou beter wees as jou eie vuurmaakplek, 'n glas wyn en 'n lekker boek? Hier is ons aanbevelings...

DIE BOEK

Al wat tel deur Irma Venter


Ami Prinsloo, die hoofkarakter in Irma Venter se nuutste krimi's, is 'n vrou so na jou hart. Sy is 'n gatskop-joernalis wat die waarheid soek, en niks of niemand staan in haar pad nie.

Al wat tel is die derde roman uit Irma Venter se pen met Ami as hoofkarakter, en sy keer terug met goeie rede. Die storielyne in al drie romans – die vorige twee is *Minder as niks* en *Die verkeerde vrou* – hou jou op die punt van jou stoel. Jy kan nie vinnig genoeg lees en omblaai nie, maar tegelykertyd is mens bang die storie raak op! 'n Goeie glas wyn is net die regte medisyne om die senuwees te bedaar...

DIE PLEK

Jou leefkamer

Met die winter op hande, is daar nie 'n beter plek as voor die kaggel in jou eie leefkamer nie. Winter is 'n tyd vir knus wees, en tuisbly – en met 'n goeie krimi in die hand, is daar iets lekkerder? Maak net seker jou hout raak nie op nie, en sleep die staanlamp nader vir lees tot laat in die nag!



DIE WYN

The Blend van Robertson Winery

Oomblikke soos dié is darem net beter met 'n lekker glas rooiwijn in die hand. The Blend van Robertson Winery is vol geur en karakter, en net die ding vir as jy knus binne die huis sit met 'n boek. Dis 'n gebalanseerde wyn wat maklik is om te geniet, met sorg geskep uit 'n versameling rooi variëteite. Die swartbessie-vrugesmaak van die cabernet sauvignon is 'n perfekte komplement vir die speserygeur van shiraz daarby. Dis ryk, maar nie swaar nie, met 'n sagte einde wat vra vir meer.



**ROBERTSON
WINERY**
ESTD 1941

MORE TO SHARE

Drink verantwoordelik. Nie vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie.

Mervyn Gers Crayfish Oval-keramiekdienbord
(32 cm L x 24 cm B) R649, yuppiechef.com



Marius Fabre-sepe bevat geen kleurmiddels of sintetiese bymiddels nie en werk sag met enige velsoort. Probeer die geskenkstel met heuninggeurde vloeibare seep en 'n seep in die vorm van 'n somerbesie (R650, shop.babylonstoren.com).





Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf

OP 'N KOSREIS

Food Trail South Africa (R580, Penguin Random House) deur die Suid-Afrikaans gebore sjef en aanbieder van internasionale kos-en-reisreekse, Warren Mendes, is 'n moet vir jou kosboekrak. Gaan saam met hom op 'n reis deur ons mooi land en herontdek plaaslike resepte – van sy gewilde bobotie tot 'n lieflike appelkoos-en-makadamiakoek met rooibosstroop.



Goed oud

Flagstone Dark Horse Shiraz 2019 (R395, flagstonewines.com) is syglad met inherente speseryagtige ondertone. Dié heerlike wyn kan vir 5–10 jaar verouder word.

Vergelegen Pear Eau de Vie (R650/500 ml, vergelegen.co.za) is 'n fris, vrugtige brandewyn gedistilleer en gemaak van Clapp's Favorite-pere wat van nature soet is.





Geëmbosseerde
wynglas R99.95,
woolworths.co.za



Die innoverende Black
Elephant Vintners Wine
Tank (R1 750,
bevintners.co.za) is
'n geïsoleerde kap-
sule wat ontwerp is
om jou wyn koud te
hou en gereed vir
skink (al sit jy êrens
in die veld).

Three Ships Whisky
Bourbon Cask (R250,
shop.dashanddrum.co.za) is amptelik gekroon
as World's Best Blended Whisky by die 2025
World Whiskies Awards in Londen.
Geluk!



Conte Camillo Negroni
(R435, takealot.com)
kombineer die bitterheid
van jenewer, die rykheid
van vermoet en die aro-
matiese kompleksiteit van
bitterwyn. Al wat jy nodig
het, is ys, 'n gawe skoot
Conte Camillo, en 'n
stukkie vars lemoenskil!

Finvara The King's Gambit Irish Whiskey (R499, takealot.com) is drie maal
gedistilleer en vermeng erfenis met 'n stewige nuwe geur. Met sy wortels in Ierse
folklore vat die whiskey 'n gees van avontuur, misterie en meesterskap vas.



KYK HOE GROEI DIT!
'n Sow Delicious Slab of
Seed-pakkie gee al die
saai-instruksies én word
kompos as jy dit begrawe.
Ons kan nie wag om die
Salad Flowers (R95,
sowdelicious.co.za)
te saai nie!



Vat vyf, Darling!

Die vyf jaar oue Swartland
Kitchen maak vyf verskillende
soorte beskuit en ook 'n reeks
lekker koekies, granola en fleur de
sel (seesoutkristalle). Al die gebak
gebeur by Evita se Perron in
Darling. Die nuwe Sunflower &
Sesame-beskuit (R76/400 g) is
heerlik; bestel joune by
darlingsweet.co.za. 🏠

Nuut in die winkel!

Die LMC Tea Tray van bamboes (R299, lizemoutoncollection.com) is ontwerp met ses
vakkies wat 120 teekoevertjies kan hou. (Die tee word apart verkoop.)

'N LEKKER BYT

Die bekroonde Banhoek Chilli Oil-maatskappy
bly ons beïndruk met topgehalte- rissiede-
trekte olie. Gaan eet iets by die BCO Taste
Kitchen in die mooi Banhoekvallei of geniet 'n
safari-geïnspireerde proe-sessie in die BCO
Leopard Lounge.



Geskenkpak
met Banhoek-
rissie-olie (kies
drie geure) R350,
banhoekchillioil.com

*Sondag
15 Junie is
Vadersdag!*

Om op hierdie
blad te adverteer,
gesels met

**Evonne
Mehl**

078 402 1784
evonne.mehl@media24.com



**TEKEN IN &
SPAAR**

40%! R480.00
vir 8 uitgawes*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361

HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300

E-POS intekenare@media24.com

OF WHATSAPP 087 353 1333

DIGITAAL

BESOEK Zinio.com of Magzter.com of Netwerk24.com

ZINIO
THE WORLD'S LARGEST NEWSSTAND

MAGZTER
DIGITAL NEWSSTAND

NETWERK24

* Intekentarië is onderworpe aan prysverhogings en jou betaalinstruksie sal ooreenkomstig die verandering in jou tarief aangepas word. Aangesien maandelikse subskripsies automaties hernieu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbod geld tot 10 Julie 2025. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA, vir internasionale intekentarië, skakel +27 21 065 0033. Vir nuwe subskripsies, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.



KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborger, hul filiale, advertensie- en promosie-agentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisiewenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se beslissing is final en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. Tuis kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met en vertraging in die gestanddoening van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel sal slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gegenereerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in Tuis waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie. **LET WEL** Weens variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.

Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

BEELDSKONE VORM IN LIG

Die Eurolux Astral Beam-hanglig in hou-en-wit bring beeldskone elegansie na binne met 'n natuurlike voorkoms. Die skoon, vloeiende vorm pas perfek by aardse kleure en organiese teksture – ideaal om 'n gevoel van rustigheid te skep. Dit is geskik vir E27-gloeilampe en laat jou toe om die ligvlak te kies wat die beste by jou ruimte pas. Die aanbevole kleinhandelprys is R2669. Kontak Eurolux in Kaapstad by 021 528 8400, Johannesburg by 011 608 2970, of besoek hul webwerf by www.eurolux.co.za.

Jy kan ook 'n e-pos stuur na info@eurolux.co.za.



HALF HUIS, HALF HOTEL

Room Service bied plaaslik-vervaardigde beddegoed en pragtige dekoritems om 'n eenvoudige, maar gesofistikeerde voorkoms vir huise, B&B's en boetiekhotelle te skep. Hul fabriek in Kaapstad voorsien topgehalte-produkte teen bekostigbare pryse: 'n verskeidenheid duvets, gemaklike kussings, knus bedspreie, komberse asook vars perkal-beddegoed, handdoeke en badkamerbykomstighede. Jy sal alles wat jy nodig het by Room Service vind. Besoek roomservicehomeware.co.za om die volledige reeks te sien.



KIES JOU GEUR

Curve Fragrances is sprankelend, pret en verleidelik en dis van Maart af in Suid-Afrika beskikbaar. Die geure het elk 'n eie persoonlikheid en elkeen is vir die vrou wat die lewe op haar eie voorwaardes leef. Ervaar Curve Crush for Women – 'n aanloklike mengsel van chai latte, wit orgidee en vanielje. Dit trek aandag, dit lok uit, en dis onvergeetlik. Besoek curvefragrances.co.za om jou persoonlike geur te kry.



HOU AAN ROL

Mitchum het pas die Mitchum Naturals Roll-On-reeks bekend gestel, wat die krag van die natuur benut sonder om effektiwiteit prys te gee. Die reeks is gemaak van die mineraal sink asook bamboespoer om vog natuurlik te absorbeer, terwyl plantolie-ekstrakte reuk neutraliseer. Dit is 'n sygladde, nie-irriterende formule wat dermatologies getoets is en geen alkohol bevat nie. Dit bied drievoudige reukbeskerming vir

48 uur, bevat bestanddele wat die vel versorg, en is geskik vir veganiste. Kry die 100ml in Eucalyptus, Coconut of Cedarwood teen 'n aanbevole prys van R82,99 by uitgesoekte kleinhandelaars en aanlyn winkels.



ELEGANT WEGGEPAK

Blum se Merivobox-bêrestelsel kombineer goeie ontwerp met slim organisasie. 'n Stylvolle, rokerige glas-element kan bygevoeg word om die Merivobox kontemporêre flair te gee. Dit is beskikbaar in ligte Indium-grys en donker Orion-grys. Vind meer uit by blum.com.



SKOONHEID SONDER GRENSE

Revlon se ColorStay Multi-Liner™ is die alles-in-een-schoonheids-produk wat jy moet hê! Die romerige, veganistiese jelomlyner werk vir oë, lippe en wange. Trek lyne, maak kontoere en skakeer dit sonder sukkel. Die Adapti-Flex Technology™ gee die omlyner 'n liggewig-, smeervrye afwerking wat heeldag hou. Dis landwyd beskikbaar teen R219.95. Wys jou persoonlike styl sonder grense met Revlon se veelsydigste omlyner ooit!





Van Preppers en katoeters

Daar's niks nuuts onder die son nie, sê die Boek van Prediker. Almiskie, skryf Karin Brynard, tensy jy verkeerdtrap op die internet.

Nou onlangs gaan soek ek doodonskuldig op die internet 'n nuwe rugsak om in die berge mee te gaan stap en beland via 'n vreemde kinkel van die algoritme in die massiewe neste van die wêreldwye web waar die Preppers uithang.

En ek steek vas.

Nog nooit vantevore eens gehoor van Preppers nie. Maar hier sit hulle, soos rymiere onder die vloerplanke. En daar's miljoene van hulle en hulle is georganiseerd en hulle is besig. Daar's webtuistes en YouTube-kanale en norrings Reddit-gesprekke en Substack-artikels. Tot winkels waar jy al wat 'n Prepper-katoeter is, kan koop.

Wêreldwyd word die getal ernstige Preppers geskat op oor die 100 miljoen. Meer as die helfte woon in Amerika en Europa, natuurlik, maar selfs in China is daar 'n goeie miljoen of tien. Een en almal aan't regmaak en skarrel vir die dag dat die papaja die spreekwoordelike waaier tref en die wêreld tot stilstand ruk – die TEOTWAWKI-scenario in Preppertaal (The End Of The World As We Know It). Elk het sy teorie oor hoe dit sal gebeur, natuurlik. Dit wissel van atoomoorlog en klimaatrampe tot 'n zombie-apokalips (World War Z sonder Brad Pitt) of 'n inval uit die buitenste ruim (War of the Worlds sonder Tom Cruise). En nog vele meer.

Ek soek eintlik net 'n bekostigbare rugsak vir die naweek, maar sit skielik in 'n maalkolk van kuberkladders wat stip en doelgerig voorberei vir die apokalips. Hulle gaar kos en batterye en tou en doekspelde en "walkie talkies" op en deel oorlewingplanne vir visvang of kettieskiet of hitte maak – soort van Mad Max opgeklits met Davey Crockett, maar met die koel toerusting en geld van Bear Grylls en Survivorman.

En daar's 'n moewiese mark wat ywerig muntslaan uit die gier. Soos kos, byvoorbeeld, wat tot 25 jaar lank hou. 'n Pak van 22 000 maaltye sal jou so R150 000 uit die sak jaag, maar dit bly glo "vir ewig vars".

En dan is daar die "gadgets", oftewel katoeters, in opregte Afrikaans, 'n smorgasbord van vindingryke handigheid. My oog val op 'n weermagstandaard-rugsak met omtrent alles buiten 'n lorrjewiel daarin. Dié een bevat 175 items. Een daarvan is 'n byl met 'n ingeboude tang en 'n hamer, 'n skroewedraaier, 'n saag, 'n vyl, 'n vis-skubskraper en 'n bottellopmaker en bliksnier. En 'n mes en 'n tonteldoos en 'n spork ("spoon fork"). En 'n ding wat soos 'n trompie lyk (vra maar nie). En 'n fluitjie.

Want daar's altyd 'n fluitjie. Elke TEOTWAWKI-instruksieelys bevat een. Hoe 'n fluitjie in 'n World War Z-scenario te pas sal kom ... wie weet? Soos die fluitjie op die dobbertjoepie onder jou vliegtuigsitplek – vir wanneer die vliegtuig in die see stort? Jy weet?

Intussen raak ek smoorverlief op al die koel katoeters – soos die armband (hulle noem dit 'n "para-bracelet") wat van 126 meter supersterk, waterbestande valskermtou gevleg is. Jy dra dit om jou pols en die gespe bevat 'n vuurslag, 'n tousnyer en 'n kompas. En 'n liggie en 'n bottellopmaker en 'n draaisleutel en 'n piepklein liniaaltjie-dingetjie. Daar's natuurlik ook 'n ingeboude fluitjie.

Die ryk Preppers doen dit effens anders.

Miljardêrs soos Mark Zuckerberg, die Facebook-baas, het na bewering 'n hoogs geheime ondergrondse bunker in Hawaii met 30 slaapkamers en badkamers, sy eie ondergrondse landerye en kragopwekking-stelsels en watersuiweringsaanlegte en 'n sokkerveld en gimnasiums en slaapplek en ammunisie vir 'n klein weermag wat die honger hordes en zombies sal uithou.

In Indië het 'n miljardêr vir hom 'n ondergrondse, kernbestande bunker laat bou, omring deur 'n grag vol ontvlambare vloeistof en 'n hoë staalmuur met vuurspuwende kanonne waarmee jy helikopters en valskerms kan neerskiet.

In Amerika is daar maatskappye, soos Doomsday Bunkers, wat spesialiseer in ondergrondse bunkers vir middelklasgesinne. Dit bou dat die biesies bewe, glo, unieke eenhede teen gemiddeld twintig miljoen rand stuk, kompleet met kanonbestande staaldeure, rioolstelsels en spense vir tonne opgaargoed. Hulle kom lewer af en begrawe hom vir jou in jou agtertuin.

Hekkie.

Ek sit vasgenael in die Prepper-sfeer, verlore in al die planne en resepte, selfs die akronieme – soos SHTF-scenario ("sh*t hits the fan") en FAK ("first aid kit", nie die liedjieboek nie) en BOB ("bug out bag" – evakuasiesak).

En dan raak ek bang. As die zombies oorvat, hou ek nie 'n dag nie, besef ek. Ek het nie eens 'n kettie in die huis nie!

Maar die foon lui en ruk my terug na die werklikheid. Dis een van my stapmaats met die nuus dat ons naweek gekanselleer is weens 'n slegte weersverwachting. Ek skakel die rekenaar af. Verlig. Maar ook bietjie afgehaal.

Newwermaand die rugsak, ek sou tóg graag so 'n gatskop-byl wou gehad het ...

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**




Ashley[®]
FURNITURE HOMESTORE

www.ashleyfurniture.co.za | **Centurion** | Tel: 012 749 3100
65 Landmarkslaan, Kosmosdal, Centurion, 0157

'N NUWE VLAK VAN LUKSHEID




Ware luuksheid word gevoel, nie net gesien nie.
Verbeter jou badkamer tot 'n 5-ster-ervaring
met Jeeves Tubo se verhitte relings.

Ontdek ons ontwerpe en vind jou naaste
handelaar by jeeves.co.za

JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24